# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

28 April 1989 | Tel: (011) 836-2151 | Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)


## Ingeperktes wil staat skaakmat sit

Jacques Pauw

DIE Regering gaan voor 'n yslike krisis te staan kom wanneer minstens 400 ingeperktes net voor die herdenking van Sowetodag op 16 Junie vanjaar tegelyk al hul inperkmaatreëls gaan verbreek.

Die ingeperktes beoog om die gesag van die staat openlik uit te daag en 'n ultimatum aan die Regering te stel: hou ons weer aan en dra die gevolge van verdere internasionale druk en isolasie, of hef die onmenslike inperkmaatreëls onmiddellik op.

Dit kan 'n nuwe inspuiting vir die weerstandspolitiek in Suid-Afrika wees, wat sy angel verloor het nadat talle organisasies onder die noodtoestand aan bande gelê is en leiers vir lang tye aangehou of tronk toe gestuur is.

Die beoogde veldtog volg kort na die landwye eetstaking wat die Regering gedwing het om uiteindelik sowat 900 aangehoudendes vry te laat. In die meeste gevalle is uiters streng inperkmaatreëls op die mense geplaas wat vrygelaat is.

Die nuwe veldtog kom na nog 'n versetveldtog in Johannesburg aangekondig is wat gemik is teen alle instellings in Johannesburg wat nog apartheid toepas. Dit sluit skole, hospitale, ouetehuise, swembaddens en ontspanningsgeriewe in.

Vrye Weekblad verneem dat daar vandeesweek 'n vergadering in Johannesburg was van onder meer leierselе-

*Na bladsy 2*

**'n Nuwe Vrye Weekblad op 12 Mei!**

Weens die twee vakansiedae volgende week, sal Vrye Weekblad nie op 5 Mei verskyn nie.

Maar die week daarna kom ons met 'n nuwe, mooier en beter Vrye Weekblad.

**Moet dit nie misloop nie!**

# ANC lóóp Craven

Elsabé Wessels en Charles Leonard

DIE ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en die ANC wat verlede jaar gesluit is, is tot niet, het die ANC vandeesweek aangekondig.

Die ANC het nou finaal besluit om die beplande rugbytoer van 'n wêreldspan na Suid-Afrika te kelder. Nuwe internasionale druk op Suid-Afrikaanse sport sal weer aangemoedig word en lande sal met 'n boikot van volgende jaar se Statebondspele in Auckland gedreig word.

## Toer finaal gesink?

In Oktober verlede jaar het die Rugbyraad en die nie-rassige Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) by 'n vergadering met die ANC in Harare besluit om een beheerliggaam te vorm. By die vergadering, wat onder voorsitterskap van die ANC gehou is, is besluit dat geen internasionale toer na Suid-Afrika sou plaasvind voordat eenwording verkry is nie.

Die ANC-afvaardiging het bestaan uit die sekretaris-generaal van die ANC, Alfred Nzo, Thabo Mbeki en Steve Tshwete (voormalige sekretaris van die nie-rassige Grensrugby-unie voordat hy Suid-Afrika verlaat het) - almal lede van die uitvoerende komitee.

In 'n onderhoud in Harare met 'n ANC-woordvoerder is die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR), Dr Danie Craven, persoonlik gekritiseer.

"Craven het nie sy woord gehou nie. Hy het onder valse voorwendsels die ANC se hulp kom soek. Daar is sedert die ontmoeting tussen Craven en die ANC in Oktober in Harare geen poging aangewend om rugby in Suid-Afrika onder een nie-rassige liggaam te verenig nie," sê die woordvoerder.

Craven het aan Vrye Weekblad gesê dat hoewel in Harare besluit is dat eenwording tussen die Rugbyraad en Saru 'n voorvereiste is vir internasionale toere, Saru nie hul verpligtinge nagekom het nie. Die Rugbyraad het wel hul verpligtinge nagekom deur 'n uitnodiging aan Saru te stuur vir verdere samesprekings ná die Harare-inisiatief, sê hy. Hulle het egter nog nie op die uitnodiging gereageer nie.

"Ons het nog nie weer met Saru gesels ná Harare nie, maar dit is hulle skuld," sê Craven.


Die feit dat Craven

*Na bladsy 2*

**Vroue roer die rots in die vreemde — 5**

## Handdruk vir 'n nuwe vrede

Philemon Shemana, een van vier gevange Swapo-guerrillas wat 'n amnestie-aanbod aanvaar het, skud die blad van die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger, Kobus Baumeister, op Oshakati.





**Spesiale Werkersdag-uitgawe - bladsye 8 - 13**

# ANC plettervat Craven

Van bladsy 1

saamgestem het dat een rugbyliggaam gevorm moet word, "was 'n belangrike erkenning van hom dat sy raad op grond van ras diskrimineer," sê die ANC-woordvoerder. Geen besluit is geneem oor die tydperk waarbinne dit moet geskied nie.

"Maar Craven het onder druk van die regering en sy eie rugbyraadamptenare nie sy deel van die ooreenkoms nagekom nie. Ons het in Harare gehoop Craven praat nie net met ons om buitelandse steun te wen met die oog oop die honderdjarige vieringe van sy raad nie."

Craven se reaksie hierop is: "Ons swig voor niemand se druk nie."

Op die beskuldiging dat die ontmoeting bloot gebruik is om 'n internasionale toer na Suid-Afrika te beding, is Craven se reaksie: "Bols. Snert!"

Die woordvoerder het ook sterk te velde getrek teen die Internasionale Rugbyraad se besluit om nie toere



Danie Craven

na Suid-Afrika vir die honderdjarige vieringe van die SARR te verbied nie. "Ons keur die toer ten sterkste af. Dit is teenstrydig met die Harare-inisiatief," het hy gesê.

Die ANC het in die laaste twee weke met regerings- en rugbyamptenare in Australië en Nieu-Seeland gepraat.

Die ANC-afvaardiging het die versekering van verskeie regeringsen rugbyamptenare in dié lande gekry dat Wallabies en All Blacks nie na Suid-Afrika sal kom nie. Soortgelyke optrede word binnekort uit minstens Ierland ook verwag.

Die SARR gaan glo 'n persoonlike uitnodiging aan ses Australiërs gestuur om in 'n Wêreld XV te speel. Volgens die ANC sal dié deelname 'n teken van goedkeuring wees vir die honderdjarige viering van "rassistiese rugby".

"Al hoe meer jong Afrikaners raak gefrustreer met die feit dat hulle nie in die Groen en Goud teen die All Blacks of die Wallabies kan uitdraf nie," het die woordvoerder gesê.

Craven sien die ANC se veldtog teen die beplande toer as 'n "verbreking van hul belofte dat hulle nie teen Suid-Afrika sal werk nie.

"SARU is die sondebok. Ons probeer al jare om eenwording in Suid-Afrikaanse rugby te bewerkstellig."

Die feit dat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad benewens die blanke liggaam afsonderlike liggame in die bruin gemeenskap (die Rugbyfederasie), en die swart gemeenskap (die Rugbyvereniging) het, beskou Craven as noodsaaklik: "Identiteite hoort bymekaar. Hulle moet self in hul gemeenskappe werk."

Hy wou geen kommentaar lewer oor die vordering met reëlings vir 'n moontlike internasionale toer nie: "Wat ons doen en hoe ons dit doen sê ek vir niemand nie."

SARU het in hierdie stadium geen kommentaar oor òf Craven se beskuldigings, òf 'n internasionale toer nie, sê hul president, Ebrahim Patel.

Die nuwe voorsitter van die Internasionale Rugbyraad en vise-president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, Fritz Eloff, wou ook geen kommentaar lewer nie.

## Geen verklaring

Die Rugbyraad het besluit om geen verklaring uit te reik nie. As daar 'n toer sou plaasvind, sal hulle moontlik meer sê, het hy aan Vrye Weekblad gesê.

SARU is geaffilieer by die South African Council on Sport (Sacos).

Sacos-president Joe Ebrahim sê dat hulle nou met SARU sal saamwerk om te keer dat die toer plaasvind. Hulle sal sorg dat internasionale spelers wat hier kom speel se name op die swartlys verskyn.

"Die Rugbyraad het blykbaar niks uit die Harare-samesprekings geleer nie, want nou tree hulle in stryd daarmee op," sê Ebrahim.

Op navraag of die daarstelling van een rugbyliggaam die ANC se standpunt sal verander, het 'n woordvoerder gesê: "Eenwording is nie 'n outomatiese paspoort tot internasionale rugby nie."

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

Hein Grosskopf se ma, Santie, maak die briefwisseling tussen haar en die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, openbaar. Sy het 'n openbare verskoning van hom geëis omdat hy haar seun "aangekla, verhoor en skuldig bevind" het as die "ANC-terroris" wat vir die bomontploffings op Krugersdorp en in Quartsstraat, Johannesburg, verantwoordelik was. Vlok het vyf maande later die eerste maal op haar briewe geantwoord, maar geweier om verskoning te vra.

Ronald Bezuidenhout, 35, van Port Elizabeth word deur die polisie in hegtenis geneem en ook deur Vlok as 'n "ANC-terroris" bestempel.

Suid-Afrikaanse troepe in Namibia word 60 uur lank tot hul basisse beperk om aan Swapo-vegters die laaste geleentheid te gee om terug te keer na Angola. Die spertyd verstryk môre.

Die Departement van Buitelandse sake bevind hom in 'n storm toe dit bekend word dat drie lede van die Ulster Defence Association, 'n Noord-Ierse terroriste-organisasie, 'n gesteelde Britse Blowpipe-missiel aan 'n Suid-Afrikaanse diplomaat in Parys, Daniël Storm, wou ruil vir SA wapens.

Carl Niehaus, ANC-lid wat 15 jaar tronkstraf uitdien vir hoogverraad, kry in absentia Unisa se Senaatsmedalje vir die beste honneursstudent in die teologie.

FW de Klerk verbind die NP-regering opnuut tot "skoon administrasie".

Moses Mayekiso, algemene sekretaris van die National Union of Metalworkers (Numsa) en vier ander lede van die Alexandra-Aksiekomitee, word ná 901 dae in die tronk onskuldig bevind op alle aanklagte van hoogverraad en alternatiewelik sedisie en ondermyning vrygespreek.

JM Coetzee, Suid-Afrikaanse skrywer, kry 'n ere-doktorsgraad van die Staatsuniversiteit van New York in Buffalo, VSA.

Roelf Meyer, Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, weier 'n aansoek van die Indiër-inwoners van Pageview, Johannesburg, om dié gebied tot 'n vryevestigingsgebied te verklaar.

Die Duitse Bondsrepubliek stel visumvereistes vir Suid-Afrikaanse besoekers in.

Tuislandleiers staan saam in die vereiste dat Nelson Mandela vrygelaat moet word voordat hulle aan die regering se Nasionale Statutêre Forum sal deelneem.

'n Teepartytjie vir oud-aangehoudenes by die St George's Presbiteriaanse Kerk in Johannesburg word deur die polisie beëindig.

Mynwerkers van die Rustenburg Raffinadery, wat reeds 58 dae lank staak, word daarvan weerhou om by die hoofkantoor van JCI te betoog.

'n Afvaardiging van kerk- en gemeenskapsleiers voer samesprekings met die administrasie van die Universiteit van die Noorde - wat deur die Weermag beset word - oor die krisis op die kampus.

Amnestie Internasionaal kritiseer die Suid-Afrikaanse regstelsel in sy jongste verslag oor die doodstraf.

Johannesburg se stadsraad besluit om ná jare in die voetspore van Kaapstad te volg en hul busdiens oop te stel vir alle rasse.

Boere wat beweer dat hulle groot verliese gely het as gevolg van die gebruik van hormoon-onkruiddoders, vra 'n verbod op dié stowwe in 'n aansoek teen 20 chemiese maatskappye in die Hooggeregshof in Pietermaritzburg.

Kleurling- en Indiërkopers word daarvan weerhou om vakansiewoonstelle by Klub Mykonos naby Langebaan te beset, omdat dit in 'n blanke groepsgebied val.

### Wêreld

Armeense nasionaliste herdenk die slagting van Armene in Turkye in 1915 met 'n massa-optog deur Yerevan, die Armeense hoofstad in die USSR.

Jordanië se Eerste Minister, Zeid Al-Rifa'i, bedank nadat agt mense verlede week in betogings dood is.

Israeli's verwoes Arabiere motors en winkelvensters met knuppels en ysterstawe nadat hul bus met klippe bestook is op die Wes-oewer, en Israeli-troepe wond 21 Arabiere in die Gaza-strook.

Japan se Eerste Minister, Noboru Takeshita, maak bekend dat hy gaan bedank as gevolg van die Recruit-skandaal. Ministers het aandele teen lae pryse van die Recruit-maatskappy gekoop.

Herbert von Karajan, 81, tree ná 34 jaar af as dirigent van die Berlynse Filharmoniese Orkes.

# Ingeperktes daag staat uit

Van bladsy 1

mente van die UDF waarin die veldtog bespreek èn met beplanning begin is.

Volgens inligting is daar reeds ingeperktes, onder meer in Pretoria, wat hul voorwaardes onlangs begin verbreek het om die houding van die owerhede te toets.

Van die mense slaap byvoorbeeld nie meer in hul eie huise nie. Die polisie het enkeles gewaarsku om hul by hul voorwaardes te hou.

Die hofuitspraak vandeesweek waarin die arbeidsleier Moses Mayekiso en vier mede-beskuldigdes onskuldig bevind is op aanklagte van onder meer hoogverraad en ondermyning, het glo hernieude stukrag aan die beoogde veldtog gegee.

Regter van der Walt het onder meer in sy uitspraak gesê die beskuldigdes se steun aan die verbruikersboikot was 'n vorm van protes teen toestande in Alexandra en nie bedoel om dié township onregeerbaar te maak nie. Die meeste van die beskuldigdes het bloot na 'n beter Suid-Afrika gestreef.

Die organiseerders van die veldtog glo dat talle van die ingeperktes in dieselfde kategorie as die beskuldigdes val en die Regering daarvan sal weerhou om verdere stappe teen hulle te doen.

Na raming is sowat 90 persent van die aangehoudendes wat vrygelaat is se inperkmaatreëls van so 'n aard dat dit neerkom op huisarres. Hulle is ná vrylating tot 'n bepaalde landdrosdistrik beperk, op sekere tye tot 'n bepaalde terrein beperk en verbied om in die teenwoordigheid van meer as tien mense te wees.

## Polisiekantore

Geen byeenkoms waar die staat, regeringsbeleid of plaaslike regering gekritiseer word, mag bygewoon word nie. In sommige gevalle moet mense twee keer per dag by polisiekantore aanmeld.

Die maatreëls verhoed dat talle ingeperktes kan werk of hul skool- of universiteitsonderrig kan hervat.

Daar is selfs gevalle van mense wat minstens twintig uur per dag in hul huise moet deurbring.

In die oorblywende vier uur moet hul twee keer by 'n polisiekantoor aanmeld.

Die ingeperktes wil met hul veldtog die stelsel van inperking onwerkbaar maak en terselfdertyd 'n geweldige verleentheid vir die Regering veroorsaak. In talle kringe word dit as 'n daad van "selfbevryding" gesien.

Die Regering gaan dus voor die besluit gestel word dat hy sal moet besluit of hy weer die ingeperktes gaan aanhou, of hul gaan toelaat om hul inperkings te verbreek.

Die Regering moes reeds aan die eetstakers toegee weens geweldige internasionale en binnelandse druk.

Verder is die Regering baie besorg oor sy internasionale beeld wat verbeter het na die vrylating van die aangehoudendes en die deurbrake in Namibia. Hy sal dit nie graag wil skaad deur teen mense op te tree wat in werklikheid geen misdaad gepleeg het nie.

Aan die ander kant moet hy binnekort weer 'n verkiesing veg en daar sal gewis baie druk van regs en van binne die Nasionale Party kom om nie die ingeperktes toe te laat om die veiligheidsmaatreëls van die Regering belaglik te maak nie.

# Winnie verbied om begrafnis by te woon

Beverley Garson

WINNIE MANDELA is verhoed om 'n begrafnis van 'n ANC-lid wat homself geskiet het, by te woon.

Mandela is op Grahamstad verbied om die begrafnis van Vuyo Gladman Moleli, 22, wat Saterdag gehou is, by te woon. Moleli het homself met sy laaste koeël geskiet tydens 'n skietgeveg met die veiligheidsmagte.

Die polisie wou nie toelaat dat Mandela en 'n bus met Moleli se vriende die diens bywoon of aan die optog na die begraafplaas deelneem nie.

Moleli het die land in 1985 verlaat en het opleiding in die buiteland ontvang. Hy het in Januarie vanjaar na Suid-Afrika teruggekeer en is in Pretoria gevange geneem. Hy het ontsnap en is erg beseer in die proses.

Op 4 April 1989 is hy dood in 'n skietgeveg met die polisie. Chief Nkosiyane het ook tydens die skietery gesterf.

Moleli en Nkosiyane het in 'n buitekamer by familie van die Mandelas in die Zondi-township in Soweto gebly.

Om en by eenuur die oggend het polisie die huis omring en na bewering 'n handgranaat in die kamer waar Moleli en Nkosiyane geslaap het, gegooi.

Volgens Mandela is die mure effens beskadig deur die ontploffing. 'n Hewige skietgeveg het na die ontploffing uitgebreek.

"Volgens ooggetuies het die skote meestal van Vuyo se kamer gekom," het Mandela gesê.

Na bewering het die polisie teruggeval en in die straat gaan staan. Net voor drie uur is 'n skoot in die omgewing van Moleli se kamer gehoor, het Mandela gesê.

"Hy het sy eie lewe geneem, hulle het hom nie geskiet nie," sê sy.

Mandela het ook gesê daar word vermoed dat Chief Nkosiyane doodgeskiet is toe die polisie aangehou skiet het nadat Moleli sy eie lewe geneem het.

Moleli se kis is met die kleure van die ANC bedek ten spyte van beperkings dat geen ANC-vlae tydens die begrafnis sigbaar mag wees nie.

Net 200 mense is toegelaat om die begrafnis by te woon, geen vryheidsliedere kon gesing word nie en die diens en die stoet na die begraafplaas moes binne drie ure afgehandel word.

Mandela het opgemerk dat die aanwesigheid van 'n groot getal lede van die veiligheidsmagte 'n bewys is dat Moleli 'n soldaat van hoë gehalte was en dat die staat dit erken.

Die veiligheidsmagte het skerp toesig gehou en 'n video-opname gemaak van die optog na die kerk en die begraafplaas en van die aktiwiteite buite Moleli se huis.

Die waarnemende skakeloffisier van Oos-Kaapland, kol Sauerman, het bevestig dat die begrafnis plaasgevind het en het gesê dat daar geen voorvalle was nie. - ANA

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

AMNESTIE INTERNASIONAAL TAKEL SA OOR DOODSTRAF

# In een dekade is 1 250 mense gehang

**Jacques Pauw**

EEN uit elke twaalf teregstellings ter wêreld vind in Suid-Afrika plaas. Erger nog, ons hang plaaslik meer mense op as wat die regering van enige ander land, met die uitsondering van moontlik Iran, Irak en Sjina, teregstel.

Suid-Afrika se haglike menseregterekord het dié week weer kwaai onder skoot gekom na 'n verslag van Amnestie Internasionaal oor die toepassing van die doodstraf in die verskillende lande van die wêreld.

Die verslag, "When the State kills", sê dat 15 320 gevangenes die afgelope tien jaar in 90 lande tereggestel is vir misdade wat gewissel het van moord, verkragting en gewapende roof tot owerspel, godlastering en prostitusie.

Suid-Afrika word in die verslag uitgesonder as dié land in Afrika wat saam met Nigerië die meeste gevangenes tereggestel het: 1 250 die afgelope tien jaar. In die frontliniestate Tanzanië, Angola en Mosambiek was daar verlede jaar nie een teregstelling nie.

Die verslag van die gerespekteerde Amnestie Internasionaal kom in 'n tyd waar nog sewe mense vandeesweek in Suid-Afrika opgehang is. Twee mense is ook verlede week in die Sentrale Gevangenis in Pretoria tereggestel.

Brian Currin, nasionale direkteur van die organisasie Regslui vir Menseregte, sê hy is geskok en en met afsku vervul oor die oorhaastige wyse waarmee die lot van minstens drie van die gehangdes verseël is.

Die drie se advokate het minder as twee uur tyd gehad om 'n petisie aan die Staatspresident voor te berei. Die petisie is van die hand gewys.

Teen Dinsdagoggend het Paulus Dube, Raymond Ntshangase en Buti Mokoena nog nie die Staatspresident om begenadiging gevra nie. Advokate is inderhaas aangestel om petisies op te stel.

Teen vieruur die middag was die petisies gereed vir die Staatspresident se oorweging. Slegs twee uur later het die departement van Justisie laat weet dat dit onsuksesvol was.

"Ons veroordeel die wyse waarop die petisie opgestel en beoordeel is. 'n Deeglike studie moes gedoen word voor 'n besluit geneem is. Twee uur was veels te min tyd vir die advokate om 'n petisie op te stel," sê Currin.

## Wette gewysig

Volgens die verslag stel meeste regerings wêreldwyd minder en minder mense tereg terwyl wetgewing ingrypend gewysig word om die doodstraf op minder misdade van toepassing te maak.

So byvoorbeeld het lande wat voorgehou word as groot onderdrukkers van menseregte - Kuba, Rusland en Libië - almal verlede jaar begin met pogings om teregstellings te verminder. In Libië is alle gevangenes in die dodeselle persoonlik deur Gadhaffi begenadig.

Oor Suid-Afrika sê die verslag: "Die uiterste gevalle in Afrika is Suid-Afrika en Nigerië. Die getal teregstellings het geleidelik gestyg in Suid-Afrika tot 'n rekord van 172 in 1987, en het vir die eerste keer in 1988 gedaal weens internasionale druk oor die lot van die Sharpeville Ses."

"Amnestie is ook bekommerd oor die groeiende getal teregstellings in Nigerië, waar daar net drie teregstellings in 1983 was, maar tot 335 in die volgende jaar gestyg het nadat 'n nuwe militêre regering openbare teregstellings ingestel het," lui die verslag.


Ter versagting van Suid-Afrika moet mens sê dat syfers van tereggesteldes in lande soos Iran, Sjina, Irak en Albanië nie altyd bekend gemaak word nie.

Amnestie Internasionaal meen dat duisende gevangenes die afgelope dekade in Sjina tereggestel is. Volgens berekenings is tot 30 000 mense tussen 1983 en 1988 tereggestel na 'n anti-misdaad kampanje.

In Iran is duisende mense tereggestel sedert die totstandkoming van die Islamitiese Republiek in 1979. Misdade soos owerspel, sodomie en selfs dronkenskap is nog hier strafbaar met die dood.

Die teregstelling van gevangenes is 'n fundamentele skending van menseregte wat afgeskaf moet word. In talle lande is dit 'n instrument vir politieke onderdrukking en diskriminasie op grond van ras, kultuur en ekonomiese stand.

So byvoorbeeld word Amerika ook uitgesonder vir kritiek oor die 107 mense wat hy sedert 1977 tereggestel het deur middel van die elektriese stoel en gifinspuitings. Meer as 2 000 mense is steeds in die dodeselle.




'n Student protesteer teen die doodstraf op Wits-kampus
*Foto: Anna Zieminski/Afrapix*

# SA vroue het rots geroer in die vreemde

**Verlede naweek het sowat 80 Suid-Afrikaanse vroue, paspoortdraers en bannelinge, in Harare vergader vir 'n geskiedkundige ontmoeting. ELSABE WESSELS doen verslag oor die konferensie met die tema "Vroue in die stryd om vrede."**

"ONS pleit by Afrikaners. Herontdek julle eie geskiedenis. Dit is 'n trotse geskiedenis en die gemeenskaplike besit van alle Suid-Afrikaners.

"Julle het dapper geveg teen die ongeregtighede van onderdrukkende kolonialisme en imperialisme. Maar hoekom het dié strewe na geregtigheid geëindig in 1902?

"Maak die deure van Afrikanerdom oop en laat die kultuurgoed wat julle koester, saamvloei om deel te word van 'n nuwe kultuur in 'n nuwe Suid-Afrika. Suid-Afrika het plek vir almal van ons.

"Uit die positiewe wat ons weet van die Afrikaner, sy kultuur en ryk geskiedenis, weet ons dat dit nie slegs beperk is tot 'n eng ingekeerdheid en verwerping van ander nie. Die deure van 'n toekomstige nierassige Suid-Afrika is wyd oop vir Afrikaners. Ons, as bannelinge uit ons vaderland, het nie hierheen gekom om 'n oordeel uit te spreek nie, maar om saam met julle die pad te baan vir vrede."

Op hierdie dramatiese versoeningsnoot het dr Frennie Ginwala van die ANC die verrigtinge afgesluit.

Suid-Afrikaners van binne en buite Suid-Afrika, paspoortdraers en bannelinge, wit en swart, het grense oorgesteek om mekaar vir drie dae in die "vreemde" te ontmoet om oor versoening te besin. Aan die einde van 'n naweek se saam praat, gesels, eet en kuier het sowat 80 pare hande na mekaar uitgereik.

Vir talle was dit 'n emosionele ontrafeling van jarelange propaganda en isolasie. Die groep is nie eensgesind uiteen nie - daarvoor is die Suid-Afrikaanse situasie te kompleks en die skanse te ingeburger. Tog is die algemene gevoel: "Die rots het beweeg."

Die Zimbabwiese ervaring was die inleiding tot die verkenningsproses wat op die konferensie plaasgevind het. In Harare se strate het die kleurryke vlae ter viering van van nege jaar van vryheid nog gewapper.

Judith Todd, 'n veteraan-aktivis van Zimbabwe, het die spieël opgehou na wit Suid-Afrikaners in 'n terugblik op haar eie ervarings.

Todd, dogter van 'n voormalige Rhodesiese premier wat hom in die oorlogsjare aan die kant van die land se onderdruktes geskaar het, het wit vroue aangemoedig om deel te hê aan die bevrydingstryd. "Te veel blankes in die eertydse Rhodesië het die kans by hulle laat verbyglip. Vandag hou baie hulself nog steeds eenkant," het Todd gewaarsku.

Aanvanklike skugterheid tussen kongresgangers was opvallend. Niemand wou vroeg reeds kommentaar lewer nie.

"Ons het hier saamgekom om as vroue van Suid-Afrika mekaar te leer ken," het Anita Worrall, vrou van DP-leier Denis Worrall ná die eerste sitting gesê en beklemtoon dat haar besoek nie gelees moet word as steun aan die ANC nie.



Ray Alexander en Margarette Shope, hoof van die vroue-afdeling van die ANC in Lusaka, in gesprek op die vroue-konferensie in Harare

'n ANC-afgevaardigde het met die intrapslag die rol van vroue in die bevrydingstryd aangestip. "Vroue van Suid-Afrika is besig om hul rol in 'n nuwe Suid-Afrika te skep deur skouer aan skouer met mans in die bevrydingstryd te staan."

Die ANC-afvaardiging het drie lede van die ANC se nasionale bestuur en politieke en diplomatieke verteenwoordigers vanuit die buiteland ingesluit.

"Ons is nie hier om 'n oordeel oor wit vroue uit te spreek nie. Ons is ook nie hier om hulle te 'ondervra' nie. Ons het op gelyke vlak hier saamgekom om meer van mekaar te leer," het Ginwala gesê.

Lede van die wit afvaardiging het egter ongeduldig geraak met hul oningeligte konserwatiewe landgenote. In kommentaar op die konflik het die ondervoorsitter van Vroue vir Vrede, Irma Xenopoulos, na afloop van die konferensie gesê: "Blanke vroue moet besef hulle het nie meer die reg om te sê hulle weet nie."

Maar saad tot nadenke is weerskante toe geplant. Binne en buite die konferensiesaal is daar diep gedebatteer oor swart en wit vroue se gemeenskaplike vyand: geweld.

Jacklyn Cock van Wits het 'n verdoemende prentjie van die klimaat van geweld in Suid-Afrika geskets. "Dit is Suid-Afrika se jeug wat vasgevang is in die spiraal van geweld: jong wit seuns wat opgeroep word vir weermagdiens en jong swart kinders wat hul verset teen staatsgeweld in die townships," het sy gesê.

Wit moeders het oor die pyn van militarisering gepraat. Dit bring wit vroue midde-in die politieke arena, het 'n afgevaardigde opgemerk.

Om 'n aandeel te hê in die vredesproses moet vroue hulle stemme laat hoor, was die slotsom van drie intense dae. Om volle inspraak te verkry, sal vroue nou reeds moet veg vir die verskansing van hul eie regte en die regte van hul kinders in 'n grondwet vir 'n post-apartheid Suid-Afrika.

# Bevryding van vroue deel van nasionale bevryding

**Dr Emmarentia Erasmus van Stellenbosch het as afgevaardigde die Harare-konferensie meegemaak. Sy gee haar indrukke.**

EK was veral beïndruk deur die kwaliteit van die lede van die vroue-afdeling van die ANC. Hulle was sonder uitsondering dinamies, wel ter tale en akademies-georiënteerd.

Tog was hulle terselfdertyd warm, vriendelik en verdraagsaam, en het baie duidelik die boodskap oorgedra dat blankes gewens en uiters nodig is in 'n post-apartheid Suid-Afrika.

Daar was konsensus op die konferensie dat apartheid die wortel van die krisis in ons land is en inderdaad die destabilisasie van die hele Suider-Afrika ten grondslag lê.

As vroue het ons 'n baie spesifieke en besondere rol te speel in die totstandbringing van 'n regverdigde en vreedsame oplossing van die konflik.

Die kontak met die vroue van Zimbabwe was ook geweldig leersaam.

So het 'n wit Zimbabweër byvoorbeeld teruggekeer ná agt jaar in Houston, Texas, omdat sy verlang het na die tradisionele Afrika-waardes: die hegte gesins- en familielewe en onderlinge hulpvaardigheid en ondersteuning. Dit het volgens haar 'n skrille kontras gevorm met die selfsug en materialisme van die "me-generation."

Elders op die konferensie het dit ook duidelik geword dat die Afrikane en blanke Afrikaners dié familie-prioriteite deel - of gedeel het, want status en materialisme word nou dikwels voorop gestel by die Afrikaner.

'n Ander wit Zimbabwiese vrou het die verlede betreur: "We spent so much time and lives in trying to prevent the future, instead of preparing for it."



'n Kubaanse soldaat in Luanda

# Angola uiteindelik agter die rug

**Familielede van Kubaanse soldate wat in Angola geveg het, is vol vertroue dat hul geliefdes binnekort gaan terugkeer. Miskien met die volgende vliegtuig... MARIE JOANNIDIS doen verslag uit Havana**

HAVANA - So te sê elke dag land 'n vliegtuig met Kubaanse troepe vanuit Angola by die militêre lughawe hier as deel van Kuba se implementering van die onttrekking van 50 000 soldate aan Suidwestelike Afrika.

Die Kubane beskou hul betrokkenheid in Angola as 'n militêre sukses.

Volgens hulle het dié welslae die Suid-Afrikaanse regering gedwing om saam met Havana en Luanda samesprekings te voer, wat gelei het tot die drieledige ooreenkoms waarvolgens Kubaanse troepe uit Angola onttrek en Namibia onafhanklik van Suid-Afrika word.

Hulle laat ook nie die geleentheid verbygaan om daarop te wys dat die VSA, wat as bemiddelaar opgetree het, saam met die Kubaanse afvaardiging langs die onderhandelingstafel gesit het nie. Washington handhaaf steeds 'n handelsverbod teen kommunistiese Kuba.

Ongeveer 5 000 troepe het sedert 1 April, die amptelike begin van die onttrekking, na die eiland teruggekeer. As gebaar van welwillendheid het 3 000 mans en vroue reeds vóór dié datum Angola verlaat.

Diegene wat hul diens van 18 maande in Angola voltooi het, keer terug na hulle vorige beroepe terwyl ander nou moet werk soek.

Die gesonde soldate, sommige met medaljes bekroon, word met militêre fanfare op die lughawe ontvang, terwyl dié wat beseer of vermink is se aankoms heel onopsigtelik geskied.

Die Kubaanse owerhede erken dat die gevegte in die suide van Angola verlede jaar baie erg was, maar hulle maak nie die ongevallesyfer bekend nie.

Die gestorwe Kubaanse soldate is in Angola begrawe, en hul oorskot sal na verwagting teruggeneem word na hul vaderland.

## Verpleegsters

'n Aeroflot-vliegtuig met 145 soldate aan boord het onlangs geland. Die meeste was jong mans, maar daar was ook 'n paar vroue aan boord wat vir 18 maande as verpleegsters diens gedoen het in Angola.

Een van die verpleegsters het gesê: "Daar was baie wat beseer is, veral deur landmyne en grofgeskutvuur."

Een soldaat, wat nog herstel van sy wonde, is deur 'n makker ondersteun terwyl die soldate verby die offisiere en 'n groepie ouers - wat toestemming gekry het om die lughawe te besoek - gemarsjeer het.

Die soldate is eers die volgende dag met hul families herenig, waarna hulle vir twee dae mediese ondersoek moes word voordat hulle ontslaan is.

"Ons het al die afgelope twee aande elke aand hierheen gekom, want ons weet ons seun sal enige oomblik huis toe kom," het 'n regeringsamptenaar wat saam met haar man by die lughawe was, gesê.

## Teleurgesteld


Maar weer eens moes hulle teleurgesteld huis toe gaan. Die meeste familielede word nie in kennis gestel wanneer hulle seuns, mans of vroue tuis verwag word nie.

'n Jong soldaat het op 'n joernalis afgestorm met sy ma se telefoonnommer en gevra dat sy asseblief in kennis gestel moet word dat hy terug in die land is.

Juana Francis, 'n 33-jarige verwagtende verpleegster saam met haar tweede man, 'n soldaat wat sy in Angola ontmoet het, het opgewonde vertel van haar hereniging met haar 14-jarige seun, Alain. Hy het die afgelope 18 maande by sy ouma, Urbana gewoon.

In Urbana se woonbuurt het die vroue op hul balkonne gaan staan toe hulle hoor daar is 'n vreemdeling met nuus van haar dogter se terugkoms.

Hulle wag ook vir 'n familielid om terug te keer. - AFP

# Wrede eksperimente op altare van die wetenskap

Jacques Pauw

MAANDAG was 'n baie besonderse dag vir twee miljoen van Suid-Afrika se diere wat geen regte, voorregte of selfs die reg op lewe geniet nie.

Dis nou die rotte, hase, ape, bobbejane en honde wat daagliks op die altaar van die wetenskap in die talle mediese laboratoriums dwarsoor Suid-Afrika vermink, gepynig en gedood is.

Vroeër vandeesweek is dié diere se lot vir 'n oomblik onder die aandag van die wêreld gebring toe Wêrelddag vir Laboratoriumdiere gevier is. Terloops, dit is net 'n dag nadat die mensdom se Groot Slagter, Adolf Hitler, se honderdste verjaardag herdenk is.

En Suid-Afrika staan vandag aan die voorpunt van diere-eksperimentering. Sy laboratoriums is gesofistikeerd, sy navorsers bekwaam en diere volop en goedkoop, sê Rae Pearl, voorsitter van die SA Vereniging Teen Pynlike Eksperimente op Diere (SAAAPEA).

In die verlede het skrikwekkende verhale al uit Suid-Afrika se laboratoriums gekom. Soos die hond waarop 'n tweede kop oorgeplant is in die loop van prof Chris Barnard se navorsing vir die eerste hartoorplanting.

En die Kaapse laboratorium wat enkele jare gelede 65 bobbejane hartaanvalle laat kry het deur hul hoofslagare te vernou.

wat in die res van die Westerse wêreld weens drukgroepe in onbruik geraak het.

Dit is bekend dat die RNL die model van die Huntingdon-navorsingslaboratorium in Engeland probeer nastreef. Huntingdon is een van die Europese laboratoriums wat kwaai deurgeloop het onder die anti-viviseksioniste. Volgens bewering is diere wreed behandel daar en talle pynlike eksperimente is gedoen.

Vrye Weekblad is in besit van die lys van eksperimente wat by Huntingdon gedoen word. 'n Bekende eksperiment is die toets van pynstillers op rotte.

Die diere word uitermate seergemaak en dan word hul reaksies op pynstillers getoets. Daar is die "krultoets", "warmplaattoets", "stertafkniptoets" en die "tandpulptoets".

Tydens nog 'n eksperiment word 'n aap verdoof en gate in sy kop geboor. Elektrodes word in die gate ingedraai. Die aap kry veertien dae om van die operasie te herstel. Daarna word hy vir tien dae in 'n stoel vasgemaak om hom kans te gee om by die toetsprosedure aan te pas. Nóú eers begin die proefneming self. Die aap moet by sy

**Die diere word uitermate seergemaak en dan word hul reaksies op pynstillers getoets. Daar is die 'krultoets', 'warmplaattoets', 'stertafkniptoets' en die 'tandpulptoets'.**

positiewe wees om sy EEG te neem.

Die navorser se verdediging: die aap voel nie pyn nie.

Suid-Afrika het oor die jare bekend geword as 'n land wáár maklik en sonder moeite op diere geëksperimenteer kan word.

Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die Roodeplaatse Navorsingslaboratorium (RNL) - die grootste laboratorium in sy soort in die suidelike halfrond.

Eksperimente, veral vir die buitelandse mark, word hier in die grootste geheimhouding gedoen. 'n Dubbele heining van vier meter hoog, staalhekke, spreiligte en wagte in blou uniforms patrolleer dié moderne geboukompleks van die RNL.

Hier word bobbejane in staalhokke van skaars 'n vierkante meter elk aangehou. Volwasse bobbejane kan kwalik regop staan in die hokke. Honderde ander diere word in steriele omstandighede sonder natuurlike lig aangehou.

Die RNL is maar net een van die talle navorsingslaboratoriums in Suid-Afrika. Verhale van wreedhede teenoor diere by navorsingslaboratoriums aan universiteite het ook die afgelope tyd na vore gekom.

Daar was die geval van katte en honde by Wits wat gebrand is om navorsing oor swere te doen. SAAAPEA het onlangs die Universiteit van Natal daarvan beskuldig dat hy gastriese vloeistof in die longe van ape ingespuit, en katte laat breinskade opdoen het.

Volgens Pearl word talle eksperimente vandag in Suid-Afrika gedoen

Die jarelange twis tussen drukgroepe en dierewetenskaplikes het vandeesweek 'n hoogtepunt bereik toe sowat 40 lede van die organisasie CIVIS met plakkate by die RNL betoog het.

RNL het die polisie ontbied wat gedreig het om traangas te gebruik as die mense nie uitmekaar sou gaan nie.


Dr Schalk van Rensburg van die RNL het vandeesweek gesê sy organisasie kry uiters bruikbare inligting uit 95 persent van hul diere sonder dat dit nodig is om byvoorbeeld 'n siekte in hul voort te bring en sonder dat die diere weet daar word op hul geëksperimenteer.

Hy het egter gesê dat meeste van die diere van kant gemaak word sodra die eksperiment verby is.

Primate soos bobbejane word gewoonlik wild gevang omdat teling te duur is.

Van Rensburg sê hulle sal eksperimentering op diere staak indien alternatiewe navorsingsmetodes gevind word. Hy sê dié eksperimente is geweldig duur en die meeste uitbreidings by die laboratorium is in alternatiewe rigtings.


Pearl het gesê daar is talle ander laboratoriums wat soortgelyke eksperimente as die RNL doen. Omdat daar nie regulasies bestaan nie, weet mense nie eens daarvan nie. Daarom weet SAAAPEA self nie presies hoeveel diere hier gebruik word nie.



'n Bobbejaan in 'n Kaapse laboratorium

# Stigting wil die swartrenoster red

Anton Steenkamp



**DIE swartrenoster is een van die mees bedreigde spesies op aarde.**

**Net 15 noordelike witrenosters bestaan nog in die wildernis, en die suidelike witrenoster se getalle word ook vinnig uitgedun.**

**Wilddiewe wat olifante en renosters doodmaak vir renosterhorings en ivoor is die grootste oorsaak vir die bedreiging van dié spesies.**

**Die blote toename in die menslike bevolking, met gepaardgaande ontwikkeling wat die diere van hul habitat beroof, dra verder daartoe by.**

**Die Renoster- en Olifantstigting gaan nou probeer om geld in te samel om dié spesies van uitwissing te red.**

**Lidmaatskapvorms en nadere besonderhede oor die projek is beskikbaar van Rozanne Savory, Renoster- en Olifantstigting, Posbus 381, Bedfordview 2008.**

# Regter Strydom weer onder skoot

**Anton Steenkamp**

REGTER Jan Strydom, die man wat onlangs deur die Johannesburgse Balieraad en deur LP Helen Suzman gekritiseer is vir sy uitsprake en wie se eie tronkverlede deur Vrye Weekblad onthul is, het weer onder skoot gekom - dié keer van die National Union of Mineworkers (NUM).

James Motlatsi, president van NUM, het in sy openingstoespraak op NUM se sesde nasionale kongres verwys na NUM-lede wat in die dodeselle in Pretoria sit.

"Kameraad Mngedezi is ter dood veroordeel deur 'n regter wat in die Tweede Wêreldoorlog aangehou is vir sy aktiwiteite wat daarop gemik was om die stryd teen die Nazi's te ondermyn," het Motlatsi gesê.

"Hy (Strydom) was 'n toegewyde lid van die Ossewa-Brandwag - 'n pro-Nazi organisasie.

"Hoe kan van 'n man met so 'n agtergrond verwag word om die reg toe te pas?

"Hierdie regter is hewig gekritiseer deur parlementslede en die Appèlhof in Bloemfontein. Nogtans sit kameraad Mngedezi en ander nog steeds in die dodeselle."

Sedert sy totstandkoming het die Stedelike Stigting betekenisvolle vordering gemaak met sy doel om by te dra tot die verbetering van die lewenskwaliteit in Suid-Afrika. Ons benodig nou die dienste van 'n

**NAVORSINGSASSISTENT KONTRAKAANSTELLING**

Die Verstedelikingseenheid fokus op sosio-ekonomiese, politieke en wetlike aspekte van verstedeliking. 'n Kontrakbetrekking is vir 'n tydperk van twaalf maande in die lewe geroep om die Bestuurder: Omgewingsanalise by te staan met hierdie moniteringsfunksie.

Die hoofverantwoordelikhede sal die volgende insluit:

- moniteiring van gebeure, identifikasie van en navorsing oor verwante probleme
- instandhouding van 'n databasis
- die verkryging en handhawing van kontakte wat ons begrip en bewustheid van sosiale; ekonomiese en politieke neigings bevorder

Die ideale kandidaat sal beskik oor:

- 'n toepaslike akademiese kwalifikasie met hoofvakke soos politiek, sosiologie, ekonomie of geskiedenis
- sterk analitiese vermoëns
- goeie kommunikasievaardighede

**Gekwalifiseerde applikante wat belangstel word versoek om GESKREWE AANSOEKE onder vertroulike omslag en met insluiting van 'n curriculum vitae te stuur aan:**

**DIE MANNEKRAGBRONNEBESTUURDER
POSBUS 1198
JOHANNESBURG
2000**

**Alle aansoeke sal vertroulik behandel word en moet ons teen 19 Mei 1989 bereik.**

**DIE STEDELIKE STIGTING**

# Meidag het sy oorsprong in die lente!

**Luli Callinicos het die gesogte Noma-toekenning ontvang vir haar boek Working Life: factories, townships and popular culture on the Rand, 1886-1940. Sy is deel van Wits se Geskiedenis-werkswinkel, wat besig is met 'n grondige herontginning van ons geskiedenis. Sy het die oorsprong en ontwikkeling van Meidag aan ANTON STEENKAMP verduidelik**




Hester Cornelius by 'n Meidagviering in die dertigerjare

WERKERSDAG, of Meidag soos dit onder werkers oor die wêreld bekend staan, is toe nie deel van die Rooi Komplot nie. Dit het ontwikkel uit . . . Lentedag!

In Europa begin die lente tradisioneel op 1 Mei. Dit was die begin van 'n ligter las vir die werkers op die lande, verduidelik Luli Callinicos.

Rosa Luxemberg het die oorsprong van Werkersdag teruggespeur na 1856. Australiese werkers het van toe af elke jaar op 21 April 'n staking gehou om die instelling van 'n agt uur-werksdag te ondersteun.

## Werkers vier dit vandag wêreldwyd

In 1886 het Amerikaanse werkers besluit dat 1 Mei voortaan 'n dag van algehele werkstaking sal wees.

Op 1 Mei 1886 het 350 000 werkers in die VSA gestaak ter ondersteuning van die agt uur-werksdag. "Agt ure vir werk, agt ure vir ontspanning en agt ure vir rus" het die leuse geword.

Intussen het werkers in ander dele van die wêreld met soortgelyke veldtogte begin.

In Frankryk het werkers in 50 nywerheidstede op 1 Mei 1888 afvaardigings na hul stadsale gestuur met eise vir korter werksure.

'n Eeu gelede, in 1889, het die Franse werkersleiers by die stigting van die Eerste Internationale ('n werkersbyeenkoms) in Parys 'n resolusie ingedien wat vra dat alle werkers "tegelykertyd in alle lande op 'n spesifieke dag" hul solidariteit met mekaar betoon.

Dit is aanvaar, en 1 Mei is tot internasionale Werkersdag verklaar.

Die volgende jaar het Werkersdagstakings in Brittanje, Oostenryk, Frankryk, Duitsland, Denemarke, Spanje, Hongarye, Swede, Portugal, Italië, België, Noorweë en Australië plaasgevind.

Mettertyd, soos die jaarlikse Werkersdagbyeenkomste en -optogte uitgebrei het, het die betekenis daarvan breër geword as net die stryd vir 'n agt uur-werksdag.

Vandag, sê Callinicos, weerspieël Meidag ontwikkelings in die werkersbeweging regoor die wêreld.

Die stryd vir 'n agt uur-werksdag het byvoorbeeld die Amerikaanse en Europese werkers in die laat 19e eeu verenig.

Aan die ander kant weerspieël pogings om Meidag af te skaf die swakheid van vakbondbewegings binne regse regimes.

Só is Werkersdag in die VSA van 1 Mei na September verskuif gedurende die Koue Oorlog in die laat 1940's, en in Suid-Afrika is die datum van Werkersdag nog steeds 'n strydpunt.

In Suid-Afrika is Werkersdag die eerste keer op 1 Mei 1904 gevier, toe 'n klompie vakbondleiers en sosialiste 'n byeenkoms op die Markplein in Johannesburg gehou het.

Die byeenkoms is bygewoon deur die Afrikaanse, Engelse, Duitse, Griekse en Russiese werkers van Johannesburg. Twee ossewaens is as verhoë gebruik - een vir Engelse toesprake, en die ander vir toesprake in Hollands en ander Europese tale. Rooi kentekens en baniere, die kleur van sosialisme, is prominent vertoon.

'n Sekere MacLean, een van die sprekers op die Engelse verhoog, het gesê die belange van die kapitaliste staan direk teenoor die belange van die werkersklas. Die groei van die kapitaliste lei noodwendig tot die degradering en ellende van die werkersklas.

Tot in 1917 was die viering van Meidag in Suid-Afrika uitsluitlik 'n aangeleentheid vir blanke werkers. Op 1 Mei 1917 is 'n ANC-leier egter genooi om as spreker op te tree by 'n Meidag-viering.

In 1918 het 'n groot klomp swart werkers Meidag in Ferreirasdorp gevier, terwyl blanke werkers die Johannesburgse Stadsaal gebruik het.

Na die einde van die Eerste Wêreldoorlog het Meidagvierings behoorlik posgevat in Suid-Afrika.

In 1919 het 'n groot klomp blanke werkers deur die strate van Johannesburg gemarsjeer, onder invloed van die Bolsjewiste. Intussen het swart werkers hul eie optog gehou.

In die dertigerjare het die depressie veroorsaak dat die vakbondbeweging erg geknou is, en Meidagvieringe het ontbreek.

In die veertigerjare was daar egter 'n groot oplewing en Meidag is jaarliks herdenk. Teen dié tyd was baie van die optogte nie-rassig.

Na die oorname van die Nasionale Party in 1948 het van die blanke vakbonde opgehou om Meidagvierings by te woon, hoewel die sterk Klerewerkersunie voortgegaan het om dit te herdenk.

Op 1 Mei 1950 het die Kommunistiese Party en verskeie kongresse 'n beroep op werkers gedoen om weg te bly van die werk af, en sodoende beswaar te maak teen die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme. Dit was waarskynlik die eerste georganiseerde wegbly-aksie in Suid-Afrika.

Op dié dag is 18 mense deur die polisie doodgeskiet. Kort daarna het die ANC 26 Junie as 'n dag van rou voorgestel vir die mense wat op 1 Mei gesterf het - 26 Junie het Vryheidsdag geword, wat vandag nog deur baie vakbonde herdenk word.

Die South African Congress of Trade Unions (Sactu) het voor sy verbanning probeer om Meidag lewend te hou in die vyftigerjare, maar sonder veel welslae.

Dit is meestal beperk tot Meidag-boodskappe in vakbondpublikasies soos New Age en Workers' Unity.

In die laat vyftigerjare het die Staat probeer om dié boodskappe as bewyse voor te hou dat Sactu-lede hoogverraad gepleeg het.

In 1961 het die destydse Minister van Arbeid aan Sactu geskryf: "Ek moet u meedeel dat dit nie regeringsbeleid is om loonooreenkomste en nywerheidsraadooreenkomste goed te keur wat vir Meidag as 'n betaalde vakansiedag voorsiening maak nie."

Werkersdag het eers in die tagtigerjare, met die groei van die vakbondbewegings, weer as 'n strydpunt na vore getree en werkers het weer begin om Meidagvierings te hou.

In 1987 het pres PW Botha die eersate Vrydag in Mei tot Werkersdag verklaar.

Vanjaar is dit verander na die eerste Maandag in Mei, sodat dit wel op 1 Mei val. Die amptelike verklaring daarvoor was dat baie mense op Saterdag werk, en dat 'n vakansiedag op Vrydag beteken dat hulle nie 'n langnaweek kry nie.

Of die regering onder 'n nuwe leier die knoop sal deurhak en 1 Mei tot vakansiedag verklaar, op watter dag dit ook al val, sal die tyd moet leer.

Intussen sal duisende werkers in elk geval op 1 Mei wegbly en dié dag vier saam met hul eweknieë dwarsoor die wêreld.

**Meidag weerspieël ontwikkelings in die werkersbeweging**


# Regslui vir Menseregte bring hulde aan die moedige werkers en ambagslui in ons gekwelde land

> "'A fair day's wage for a fair day's work': it is as just a demand as governed men ever made of governing. It is the everlasting right of man."
>
> *Thomas Carlyle*

- RS Chennells, streeksdirekteur, Kaap, Boland-gebied.
- Ann Skelton, streeksdirekteur, Pietermaritzburg.
- Seth Nthai, streeksdirekteur, Verre Noord-Tvl.
- Churton Collins, streeksdirekteur, Durban.
- S Raubenheimer, streeksdirekteur, Wes-Kaapland.
- Daisy Molefe, streeksdirekteur, Witwatersrand.

WERKERSDAG

# Afrikanervroue het saam gemarsjeer

**Afrikanervroue het in die dertiger- en veertigerjare ook aan Meidagoptogte deelgeneem, 'n Meidagkoningin gekies en piekniek gehou. ELSABE BRINK, wat haar MA-verhandeling gedoen het oor die Afrikanervroue van die Klerewerkersunie, vertel meer**

WIT, werkende Afrikanervroue wat op Meidag in 'n optog marsjeer en saam feesvier, is geen alledaagse verskynsel nie.

Tog het jong Afrikaner-fabrieksvroue in die dekade voor die Tweede Wêreld-oorlog gereeld aan Meidagoptogte aan die Rand deelgeneem. Baie Afrikaners het dit as die vroue se ondergang beskou en hulle met argwaan bejeën.

In 1940 moes Johanna Cornelius, die nasionale organiseerder van die Klerewerkersunie, selfs aan verskeie fabrieksvroue se ouers skryf om hul toestemming te vra dat hul dogters die verrigtinge mag bywoon en met die feesvieringe help.

Ouers moes gerus gestel word dat hul dogters op Meidag onder goeie toesig sou staan, al sou die verrigtinge onder die vaandel van 'n unie - wat onder beheer was van Solly Sachs, wat dikwels deur sy teenstaanders as 'n kommunistiese Jood uitgekryt is - plaasvind.

'n Hoogtepunt van die vooroorlogse Meidagvieringe was die verkiesing van die Klerewerkers se Meidagkoningin. Een van die koninginne vertel van die pragtige wit rok wat vir haar gemaak is toe sy in Germiston as Meidagkoningin verkies is. Vars rooi angeliere het die uitrusting versier.

Daardie jaar is sy in die optog vergesel deur die Klerewerkers se Uniewag, geklee in hul uniforms: blou rompe en pette met wit onderbaadjies.

Die Uniewag is gevorm met die doel om die Unie te beskerm en orde op vergaderings te hou. Dit het veral gedurende die jare net voor die oorlog nodig geword, omdat ander kwasi-militêre groepe soos die Gryshemde en Bruinhemde dikwels probeer het om klerewerkersvergaderings te ontwrig.

Reeds gedurende die twintigerjare is Meidagvieringe gereeld deur die Klerewerkersunie gehou. Gewoonlik is daar met 'n optog deur Johannesburg se strate begin, en met 'n piekniek en sportdag - waar gratis verversings bedien is - afgesluit.

Gedurende die dertigerjare toe Meidag 'n betaalde vakansiedag vir werkers was, is verrigtinge baie goed bygewoon, soos die uitgawe van sowat 40 pond aan verversings getuig. Gemeet aan 'n weeklikse inkomste van sowat twee pond tien, kon veertig pond heelwat mense voed. Die piekniek is gewoonlik naby die voorstede waar die meeste klerewerkers gewoon het, soos byvoorbeeld die Victoriameer in Germiston of Murraypark in Belgravia, gehou. So is reiskoste bespaar.

### Kinders

Klerewerksters is ook aangemoedig om hul kinders saam te bring, sodat hulle kon leer dat "Meidag 'n werkersdag is".

Dié aand is daar gewoonlik gedans, dikwels in die Johannesburgse of Germistonse stadsaal, of in die Trades Hall. Kort voor die oorlog het die Meidagdans 'n wins van sowat dertig tot veertig pond getoon.

Ná 1938 is daar ook elke jaar vlotte gebou om aan die gesamentlike Meidagoptog deel te neem. In 1940 is die Klerewerkersunie deur vier vlotte, wat die Uniehoofkwartier, die Germiston-, Potchefstroom- en die Hoedemakerstakke voorgestel het, verteenwoordig.

Só het Meidag in dié tyd as 'n vreugdevolle saamtrek van wit werkende Afrikanervroue, sonder Voortrekkerkappies, 'n gereelde instelling geword.



Hester Cornelius kroon die Klerewerkersunie se Meidagkoningin van 1940

**MEIDAG VIERING ★ 1943**

**• VRYDAG, APRIL 30**

**DANS. — STADSAAL, 8 n.m. tot 12 n.m.**
TOEGANG 2/6 ENKEL

Ten behoewe van „Medical Aid for Russia" en „Chinese Relief Fund"

**• SATERDAG, MEI 1**

**OPTOG. — Vertrek van die Stadsaal, Rissikstraat om 10.45 v.m.**

**VERGADERING. — Stadsaal, Rissikstraat, 12 v.m. tot 2 n.m.**

WELBEKENDE VAKUNIE EN ARBEIDER SPREKERS

**VIR VRYHEID EN EENHEID!**

**PIEKNIEK. — Wemmer Pan Sportgrond, La Rochelle, 2.30 tot 5 n.m.**
VRY VERVERSINGS —— TALRYKE NOMMERS

**WERKERS VERENIG VIR OORWINNING!**

Die program vir die Meidagvieringe in 1943


## May Day Greetings

**There is power in a union**
*by Billy Bragg*

There is power in a factory, power in the land
Power in the hand of the worker
But it all amounts to nothing if together we don't stand
There is power in a union.
The lessons of the past we all learned with workers' blood
The mistakes of the bosses we must pay for
From the cities and the farmlands to the trenches full of mud
War has always been the bosses' way.
The union forever, defending our rights
Down with the blackleg, all workers unite
With our brothers and our sisters from many far-off lands
There is power in a union

**From The Other Press Service (TOPS)**



1 MEI BEHOORT VANJAAR AAN DIE WERKERS.

DIE OORWINNING VIER ONS SAAM.

VOORUIT MET DIE STRYD!


JODAC



TRADOR CASH AND CARRY (PTY) LTD

Ons glo in die vryheid van spraak en assosiasie en ondersteun werkers van alle agtergronde in hulle pogings en strewe na 'n nuwe Suid-Afrika.

PRICE. THE REAL DIFFERENCE




# MEIDAG, WERKERSDAG

**Vir miljoene werkers in SA beteken 1 Mei:**

- dat ons hulde bring aan werkers in fabrieke, myne, winkels en al die ander werksplekke in Suid-Afrika. Hulle hande produseer die rykdom van ons land.
- 'n viering van die oorwinnings wat werkers behaal het, ondanks verdrukking en beperkings op vakbonde. Deur COSATU se toedoen is menige basiese arbeidsgeskille gewen en die stryd om 'n bestaansloon duur voort.
- dat ons verenig staan en gekant is teen lae lone, die gewysigde Arbeidswet, privatisering, deregulasie en loonbevriesings.
- 'n droom van 'n toekoms sonder rassisme, werkloosheid, armoede, onderdrukking en uitbuiting.

**COSATU vereer die werkersklas. Voorwaarts met die stryd teen apartheid en armoede. Voorwaarts na 'n Suid-Afrika waar die behoeftes en belange van werkers die aandag geniet wat dit verdien.**

**Solidariteit met alle werkers in ons land!**

**Solidariteit met die werkersklas in alle lande!**

Uitgereik deur Cosatu, Posbus 1019, Johannesburg 2000.

# Voorwaarts na 'n nuwe, nie-rassige Suid-Afrika

**Chemical Workers Industrial Union**
**Food and Allied Workers Union**
**Construction and Allied Workers Union**
**National Union of Metal Workers of SA**
**Commercial, Catering and Allied Workers Union of SA**
**SA Railways and Harbours Workers Union**
**Paper, Printing, Wood and Allied Workers Union**
**SA Domestic Workers Union**
**Transport and General Workers Union**
**SA Municipal Workers Union**
**ACTWUSA**
**ZONA**
**Universiteit van Wes-Kaapland**
**Suid-Afrikaanse Raad van Kerke**

## Mynwerkers eis 'n betaalde openbare vakansiedag op 1 Mei

Miljoene werkers vanoor die hele wêreld verenig op Meidag as 'n simbool van die werkersklas se stryd en mag. In Suid-Afrika verwerp die werkers Botha se "Werkersdag" en eis 1 Mei as 'n betaalde openbare vakansiedag.

Dié jaar sal Meidag gevier word ondanks die skadu van regeringsonderdrukking en die beperkings van die nuwe Wet op Arbeidsbetrekkinge.

Die Nasionale Unie van Mynwerkers eis:

- **'n bestaansloon vir almal**
- **werksekuriteit en verbeterde veiligheidsmaatreëls**
- **die afskaffing van die Wet op Arbeidsbetrekkinge**
- **die afskaffing van die Noodtoestand**
- **ordentlike behuising en opvoeding**
- **die afskaffing van onderdrukking op die myne**

**MEIDAG BEHOORT AAN ONS!**

**MYNWERKERS EIS 'N BETAALDE OPENBARE VAKANSIEDAG!**

## Die Orange Vaal General Workers Union (OVGWU) sê:

- Nee vir geweld deur boere;
- Nee vir boere se monopolie op geweld;
- Nee vir hofbeslissings op grond van kleur en politieke affiliasie, terwyl Mandela onder druk geplaas word om geweld af te sweer;
- Nee vir Artikel 9 van die Veediefstalwet wat die boer die reg gee om mense te deursoek en plaaswerkers blootstel aan mishandeling;
- Nee vir pryse wat op ons lyke geplaas word deur regters;
- Nee vir boere wat deur die wet beskerm word;
- Nee vir ons uitsluiting van WAV, WVF en loonwette en ons insluiting by Oortreders- en Plakkerswette;
- Nee vir die gebruik van dodelike insekdoders.

**JA vir die**

- aanbevelings van die Werkersberaad;
- vrede slegs waar regverdigheid bestaan.

## Internasionale werkerslied ook in Afrikaans

DIE Rooi Vlag, die internasionale werkerslied, is in die veertigerjare dikwels op Meidagvierings gesing. Hier is die Afrikaanse weergawe van die lied, soos dit op die program vir Meidagfeesvierings in 1943 verskyn het. Begeleiding was deur Hansie van Loggerenberg se boere-orkes.

### Die Rooi Vlag

Die volk se vlag is rooi soos bloed,
Dit dek ons mense in die dood,
En eer hul daar lê, styf en koud,
Word hulle bloed daaraan vertroud!

Dus steek omhoog die rooibanier,
Wat leef en dood sal ons regeer,
Die lafaards spot, verraaiers lag,
Maar ons staan by die Rooie-vlag!

Met hoof ontdek, sweer almal hier,
Die vlag sal ons laat seëvier,
Selfs as ons op die galg moet boet,
Sing ons die lied se laaste groet!

## Minder stakings in 1988

DIE aantal groot stakings en die duur daarvan het die afgelope jaar afgeneem, volgens die jaarverslag van die Departement van Mannekrag wat dié week in die Parlement ter tafel gelê is.

Die verslag skryf dit toe aan aan die groter betrokkenheid van vakbonde in stakings en die gebruik van onderhandelingsmeganismes om dispute te besleg.

Stakings waarin meer as 1 000 werkers betrokke was, het in 1988 skerp gedaal nadat daar sedert 1986 'n groot toename was.

Die gemiddelde tydsduur van stakings het gedaal van 9,9 werksdae in 1987 tot 5,6 in 1988.

Die totale getal werksdae wat verloor is, het gedaal van 5 825 231 tot 914 388.

"We must all learn to live together as brothers, or we will perish together as fools."

DR. MARTIN LUTHER KING JNR.

*The words of Dr Martin Luther King Jnr., brought to you by the Kellogg Co. of South Africa, dedicated to serving the community in which we operate.*

Kellogg's®

## Blanke vakbond verwerp 'rooi' Meidag

Anton Steenkamp

DIE grootste vakbond in Suid-Afrika waaraan uitsluitlik blankes behoort, die Mynwerkersunie, vier nie Meidag nie.

Hulle beskou die instelling van 1 Mei as Werkersdag as die gevolg van "kommunistiese agitasie" en beywer hulle vir die instelling van 10 Maart - dié dag toe die 1922-mynstaking deur die Smuts-regering onderdruk is.

"Die regse partye en die blanke vakbonde het geprotesteer teen dié Rooi vakansiedae (Werkersdag en Soweto-dag, wat deur sommige werkgewers erken word), maar dit het nie gehelp nie," sê die MWU se mondstuk, Die Mynwerker.

"Op straatvlak en op die fabrieksvloer was die eise van die swart vakbonde sterker, die blankes moes alles maar uiteindelik net so aanvaar."

### Dooies

Peet Ungerer, hoofsekretaris van die MWU, steun die voorstel vir 10 Maart as 'n betaalde vakansiedag.

"Soos die Rooies se 1 Mei teruggaan na 'n werkersbetoging wat baie jare gelede in Amerika gehou is, en waar troepe op die betogers geskiet het - met dooies en gewondes wat martelaars geword het - was die Randse mynwerkerstaking van 1922 'n soortgelyke gebeurtenis."

Toe blanke mynwerkers in 1922 gestaak het uit protes teen die indiensneming van swart werkers, het die destydse Eerste Minister, Jan Smuts, "die taktiek van die dae van die Rebellie van 1914 herhaal toe hyself deur gewelddadige optrede 'n gewapende protes van Boere tot 'n burgeroorlog gemaak het," sê Die Mynwerker.

Ravan Press
**The Dead Will Arise**

**Nongqawuse and the Great Xhosa Cattle--Killing Movement of 1856-7**

In 1856 het die Xhosa's onder invloed van die profesieë van 'n jong meisie, Nongqawuse, hul beeste geslag en ophou saai en plant. Hulle was oortuig dat hierdie optrede sou lei na die heropstanding van hul voorvaders en 'n tydperk van idilliese welvaart.

Die gevolg was dat tienduisende mense van honger gesterf het, die Xhosa's uitmekaargeskeur is en 'n bron van goedkoop arbeid geword vir die Kaapse koloniste.

Hierdie buitengewone gebeure is nog nooit bevredigend verklaar nie. In The Dead Will Arise gebruik Dr Peires 'n uitgebreide korpus van materiaal, wat privaatkorrespondensie en mondelinge Xhosa-oorleweringe insluit, in sy ondersoek na die godsdienstige en sielkundige dimensies van die episode.

Die navorsing is deeglik en die werk is streng objektief. Dit is 'n boeiende verhaal van die oorsake, hooffigure en deurlopende historiese gevolge van die groot Beesvernietigingsbeweging van die Xhosa's.

**R29,38 (wat AVB insluit)**

ISBN 0-86975-381-9

Beskikbaar by vooraanstaande boekwinkels of direk van Ravan Press, Posbus 31134, Braamfontein, 2017.

On
MAY
DAY

Work In
Progress

expresses solidarity
with the organised
working class

Ons ondersteun julle en wens julle sterkte toe

Mike
Andrew
Phillip
Bethuel
en
Joan

Ons steun vryheid van assosiasie

FIVE FREEDOMS FORUM

Die reg van alle werkers om vakunies te vorm

Die reg van werkers om te organiseer sonder om deur die staat geteister te word

Vrye Weekblad

**Ons telefoonnommer verander volgende week**

Die nuwe nommer is

**836-2151**

Ons adres bly Posbus 42637, Fordsburg 2033, of Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg

# Boer, hou jou by jou volk!

**Ken Owen, omstrede redakteur van Business Day, het sterk menings oor Afrikaners en liberalisme in Suid-Afrika. In sy rubriek Maandag het hy geskryf dat Afrikaner-leiers hulle daarby moet bepaal om Afrikaners na liberalisme te lei, anders sal hulle as "politieke indringers" beskou word. Hier is 'n effens verkorte weergawe van sy rubriek.**



AFRIKANERDOM'S two great bequests to South Africa - the Afrikaans language and the Roman Dutch Law - have both been put in jeopardy by the National Party's oppressive reign, but the Nationalists are not alone in their culpability.

The curious propensity of Afrikaans opponents of apartheid to abandon their own community and take up refugee status in other communities - usually English - has also contributed to the damage. The constant flight of Afrikaner dissidents has crippled the development of a modern Afrikaans liberalism in the communities which they have abandoned.

As a result, Afrikaans has in 40 years displaced English as the language of oppression. English, though weakened by the emigration of its elite, has ironically become, in its pidgin form, the language of liberation. Even a semanticist like Wimpie de Klerk is forced, when he writes on liberal topics, to use English terminology because Afrikaans has not developed its own.

Worse, the Nationalists have gutted the libertarian traditions of Roman Dutch Law by elevating the executive to quasi-totalitarian status. From the 90-day detention law of John Vorster, to the Rabie Commission, to the most recent fascist proposals to enable the government to get rid of Botshabelo, the story has been one of abject submission to power.

Many Afrikaners of outstanding talent have rebelled against this destructiveness. Among the names that come instantly to mind are Beyers Naudé and Braam Fischer, Johan van der Vyver and Marinus Wiechers; Breyten Breytenbach and André Brink; André du Toit and Hermann Giliomee; Marius Barnard and Tiaan van der Merwe; and many, many others.

A few, mainly churchmen like Johan Heyns or academics like Willie Esterhuyse, have continued to toil in the unrewarding soil of Afrikaner nationalism, but most have fled from the Afrikaans institutions where they became, by reason of their dissidence, outcasts. They have, instead, climbed aboard the ramshackle English bandwagon.

Beyers Naudé found refuge in the South African Council of Churches, Fischer in the "struggle"; Van der Vyver has gone to Wits, Du Toit and Giliomee to UCT; Brink is at Rhodes and Breytenbach is in exile. Many journalists and writers have abandoned, or been driven out of, Afrikaans publications: Wimpie de Klerk, David de Villiers, Harald Pakendorf, Hennie Serfontein, Hans Strydom, and whole generations of younger people.

Lately, there has been an attempt to return to Afrikaans in publications like "Die Suid-Afrikaan," and "De Kat" and "Vrye Weekblad," but mainly Afrikaans dissidents write in English, addressing themselves to English readers, preaching the exile's hot-eyed sermon like white Russians in Paris.

Their influence on Afrikanerdom has, by their apostasy, been destroyed. They represent nobody but their admirable selves and, like poor relations, they carp endlessly about the accommodation among the English.

Politics has been no different. Jan Steytler, Japie Basson, Van Zyl Slabbert and many others have fled from the harsh Afrikaner environment to find an admiring following among English voters whom, very often, they learned in the end to despise. Slabbert's contempt is legendary.

Now, Wynand Malan, Wimpie de Klerk, Louis Luyt, David de Villiers and a phalanx of Afrikaners of prominence are trying the same stunt, though more ambitiously. Already they have established dominance of the Democratic Party, where they have managed, in the politics of smoke-filled rooms, to capture most positions on the Democratic Party's governing board.

However, a political party is not a church or a university, it is - or it is supposed to be - a representative, mass organisation. A writer or a philosopher, or even a lawyer, can survive on his own; a political leader without followers is nothing but a huckster. And herein lies the weaknesses of the Democratic Party, the source of its dissensions.

Every move the party leaders make is subject to the suspicion, often justified, that they are not necessarily expressing the wishes, nor even recognising the limits of tolerance of their followers. The followers of the DP's leaders, except the PFP MPs in their own constituencies, is in doubt. And in the case of the PFP there is a nagging suspicion that support was evaporating anyway.

Certainly, there is no way of telling how much support Zach de Beer can count on; he was manoeuvered into leadership, rather than elected, and now his rivals are trying to manoeuvre him out again. Nor is it irrelevant that Worrall challenges on the basis of public opinion polls. He recognises that legitimacy depends on mass support.

However, Worrall himself, while having the poll data to show that he can pull in more support than the old PFP crowd, is not willing to risk his neck again in Helderberg, where he came within 39 votes of establishing a power base. He wants a safe passage into Parliament from the loyal PFP folk whom he has been castigating for years.

Malan is even weaker. He has perhaps just enough votes in Randburg to defeat his old friend, Olaus van Zyl, provided the PFP voters, on whom his henchmen pour scathing ethnocentric criticism, turn out for him again.

This is not to suggest that the energetic Afrikaners of the Third and Fourth Forces do not deserve to lead the DP; clearly, they are smarter, tougher, more ambitious, and better at the close-in knife work than the leaders thrown up by the depleted English community, Dennis Worrall excepted. The feeble English deserve their role as doormat to the future.

Yet there is the problem: the only source of legitimacy, and therefore authority, for a political leader is mass support; and not one of the DP leaders can demonstrate as much support as Harry Schwarz in Yeoville or Roger Hulley in Constantia. Without legitimate authority, dissension reigns.

When Worrall and Malan were alone, they fought like two scorpions in a bottle; now they unite to deny the De Beer leadership. Later they will no doubt fight like scorpions again. This is the nature of unrepresentative politics. It is what happens in the Kremlin.

The remedy is to go back to the voters, the source of legitimate political authority, in order to identify representative leaders. To squabble for the decaying rump of the PFP, like hyenas over a carcass, is no solution.

Until Afrikaans leaders accept the challenge of leading Afrikaans followers into liberalism, they will remain what they are now: ethnic carpet-baggers, ruthlessly exploiting a defeated, dwindling and demoralised minority. And Afrikanerdom's two gifts to the nation - the law and the language - will remain in the fatal custody of the National Party.

Five Freedoms Forum
bied aan
NAMIBIA
Inligtingsaand
Spreker:
Laurie Nathan
1 Mei om 8.00 nm.
Gemeentesaal
De Kortestraat 74
Braamfontein

# En nou vir 'n Afrikaanse Congress Movement . . .

Max du Preez

DIE sjampanje van die Demokratiese Party se stigtingsfees het kwalik verslaan, of daar is aandrang uit verskeie oorde dat 'n nuwe, suiwerder party aan die linkerkant van die politieke spektrum gevorm moet word.

Die interessantste van dié voorstelle is dat 'n Afrikaanse "Congress Movement" (kongresbeweging?) as deel van die breë UDF-alliansie gestig word. 'n Ander is dat 'n sosiaal-demokratiese party gestig word omdat die DP "eintlik die party van die groot sake-ondernemings" is.

Die voorstel vir 'n Afrikaanse lidparty van die UDF word deur André Zaaiman, 'n aktiewe anti-apartheidsgesinde Vrystater en deesdae Idasa se studente-organiseerder, in die UDF-gesinde tydskrif Upfront gemaak.

Hy skryf dat dit op dieselfde grondslag gevorm moet word as die etnies-georiënteerde Transvaalse en Natalse Indian Congresses. Dit moet egter ook bruin Afrikaanssprekendes insluit.

Daar is reeds twee oorwegend wit lidpartye van die UDF: die Johannesburg Democratic Action Committee (Jodac) en die Kaapse Demokrate.

Zaaiman sê daar is baie jong Suid-Afrikaners soos hy wat "deur die stadige maar traumatiese ervaring van bevraagtekening en verwerping van die Afrikaner-Nasionalistiese paradigma nou die onbenydenswaardige taak in die gesig staar om 'n versplinterde werklikheid te probeer herkonstrueer."

Bevryding, sê hy, is 'n lang en moeilike proses omdat die valsheid laag vir laag weggesny moet word. Die opsetlike verdraaiing van die Afrikaner se geskiedenis het ineengesmelt met 'n komplekse stelsel van valse oortuigings en norme.

"Dit is omdat die verwerping van Afrikaner-Nasionalisme so 'n fundamenteel ingrypende proses is wat selfs aan die sterk siening van die self knaag. Baie jong Afrikaners wat dié stap geneem het, sit met 'n diepgaande gevoel van eksistensiële angst omtrent wie hulle werklik is en gevolglik waar hulle hoort. Die mite is versplinter, maar nie vervang nie."

Van dié jong Afrikaners het sedert die opstande van 1985 en 1986 in hul eie gemeenskappe begin organiseer en só deel geword van die breë demokratiese beweging. "Maar baie is vervreemd deur die onverdraagsaamheid en onbuigbaarheid wat die weerstandspolitiek van dié tyd gekenmerk het.

"Die demokratiese beweging het nie die aard van die Afrikaner-opstand verstaan nie, en dit daarom aan die eng riglyne van ideologiese dogma onderwerp, met katastrofiese gevolge."

Tog, sê Zaaiman, smag die meeste andersdenkende Afrikaners steeds na 'n "geloofwaardige plek binne die breë alliansie teen apartheid, maar nie op die grondslag dat dié alliansie gekaap is deur 'n klein groepie radikales met 'n enkele, korrekte vertolking van die struggle nie."

Zaaiman stel voor dat 'n Afrikaanse Congress Movement die meganisme moet word waardeur dié Afrikaners met die breër stryd inskakel, "want dit is net binne só 'n organisasie dat die persoonlike trauma van die verwerping van Afrikaner-nasionalisme ten volle verstaan en verwerk kan word.

"'n Afrikaanse Congress Movement sal Afrikaners in staat stel om 'n geloofwaardige rol in die stryd te verwerf, en om daardie stryd hul eie te maak."

Hy voeg by dat dit nie groepchauvinisme of uitsluitlik die Afrikaner se bevrydingstryd is nie - dit moet 'n geïntegreerde deel van die groter stryd teen apartheid vorm.

Die ander voorstel kom van die vorige redakteur van die Cape Times, Tony Heard. In 'n artikel in verlede week se Weekly Mail het hy dit veral teen die uitsluiting deur die DP van Claremont se onafhanklike LP, Jan van Eck.

"Die weg moet oopgemaak word vir die vorming van 'n meer samehangende, geloofwaardige groepering links van die regering, links van die DP. Dié mosterdsaadjie kan tot 'n regering groei saam met swart Suid-Afrikaners in 'n heeltemal veranderde Suid-Afrika."

Heard sê die groep sal sosiaal-demokraties, "selfs effens sosialisties" moet wees. "Dit sal 'n beweging moet wees waarmee swart mense hul instinktief kan vereenselwig - saam met 'n groeiende getal blankes."

Hy sê só 'n nuwe groep sal die DP laat as dít wat hulle van die begin af moes wees - "die party van die groot sake-ondernemings. Sonder Van Zyl Slabbert, sonder Van Eck, waarskynlik sonder Wynand Malan of Sampie Terreblanche.


"Die DP kan die sosiaal-demokrasie nog 'n guns bewys."

Die Johannesburgse sakeblad, Business Day, het Maandag op Heard se artikel gereageer en gesê teenkanting teen apartheid was oor die jare heen die enigste band tussen politieke wesens wat in 'n normale gemeenskap bittere opponente sou wees.

"Alle pogings om hulle in 'n enkele politieke party te verenig, het bewys skadelik vir albei denkrigtings te wees. Hoe gouer die sosialistiese linkerkant, gematig of andersins, hul eie party skep, hou gouer sal die liberales vry wees van hulle. Heard is heeltemal reg."

# Dié gat laat niemand koud

Makliker gesê . . .



Ryk Hattingh

DAAR'S 'n skeur in die osoonlaag en 'n ultra-kwaai son penetreer die reeds uitgemergelde planeet se atmosfeer, bestraal alles; geen lewe onder op die aarde óf binne die waters kán daardeur koud gelaat word nie.

Ons sal ook nie 'n leeftyd hoef te wag voordat elke mens op die aarde bewus sal wees van die omvang en die vernietigende aard van die rou energie waarmee hy of sy en dié se omgewing skielik gebombardeer word nie. Elkeen sal dit aan sy eie gat voel, almal sal saam na suurstof snak en die oë bergwaarts slaan.

Dis nie bloot meer net 'n reënwoud doer in Brasilië, of 'n renoster in Ndumo wat bedreig word nie.

Ek is nie paranoïes, en ly ook nie aan oorbestraling nie. Die son hoef nie eers 'n gat deur jou aura te skroei om jou bewus te maak van die planeet se worsteling met die dood nie. Ek is ook nie die enigste mens wat dink dat die einde van 'n baie lang siklus aangebreek het nie.

'n Epog het homself klaar gedroom en gaan binnekort wakker skrik.

Buiten 'n paar Amerikaners wat - hipoteties gesproke - dié smeulende inferno in 'n oktaanaangedrewe ark kan verlaat, en dálk in die ruimte 'n lewensvatbare arrarat kan vind om verder met die droom te eksperimenteer, lyk dit of ons oorblywende sterflinge op aarde sal moet begin dink aan eenvoudiger dinge - soos Lewe, en hóé om dit nie te laat doodgaan nie.

Dis makliker gesê as gedaan, want dié mense wat nóú iets aan die benardheid kan doen, het baie belangrike dinge op hul ewe belangrike agendas, en ons kan nie nou van hulle verwag om af te sien van hulle monopolie op die nagmerrie nie.

Dis ook nie so maklik om met die mense aan beheer te praat nie. Hulle verstaan nie aldag ons taal nie. Hulle dink nog lineêr aan missielbasisse tussen die fynbos en hoe om die arsenale te vergroot. Hulle glo aan vooruitgang.

So is daar byvoorbeeld geweldig vooruitgang gemaak met die veilige invoer en doeltreffende berging van die wêreld se chemiese afvalstowwe - atoomerwe in die Karoo vir ons kinders se kinders. Dit is beplanning.

Die regeringsgeknelde media het ook nie nou tyd om die planeet se krisis aan te spreek nie, daar is ander, meer tasbare dinge wat die aandag verg. Soos die onmenslikheid van ekonomiese sanksies en die instandhouding van die noodtoestand, die regverdiging van aanhouding sonder verhoor, die redes waarom 'n standbeeld van Verwoerd nie langer uitgestel mág word nie, en die groot versugting dat die ANC tog net seblief nie die rugbytoer kelder nie.

Miskien ly ek aan osoonkoors.

Miskien is ek te behep met die voortbestaan van 'n planeet waarvan die dae reeds getel is. Miskien veroorsaak die bestraling dat donker mutasies van apokaliptiese beelde my bewussyn binne snap, miskien laat dit my yl, ek weet nie.

Maar een ding weet ek wel, en dit is dat die ou, wrede orde - die een wat nou op wankelrige bene nog die knuppel swaai - saam met ons in die begrafnisoptog stap. Hulle weet dit nog nie. Hulle verstaan nie die nuwe taal nie.

Hulle verkeer onder die indruk dat daar 'n opstand êrens is, en soos in die ou dae wil hulle dit gaan onderdruk. Jagters en slagters, wat weet hoe om te skiet en te slaan en te hang en te sluit.

Onder hulle leiding is ons op pad na ons eie begrafnis. Ons hoes almal saam, krap ons jeukerige kankervelle. Versmoor saam met die bome. Die son blink pêrels op ons voorhoofde.

# Onstuitbare wil om die Nuwe te definieer

**In 'n onderhoud met 'n fiktiewe Piet Buffel, bied DIRK WINTERBACH, 'n dosent in die sosiologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland, 'n blik van binne op dié onstuimige kampus**

**Piet Buffel: Ek verneem mense is stomgeslaan oor 'n verklaring (Wat gaan aan op UWK?) wat onlangs in die pers verskyn het.**

DW: Dit moet nie vertolk word as 'n poging om negatiewe publisiteit te neutraliseer, of ons image op te knap nie. Dit is onder andere 'n eie weergawe van en 'n besinning oor probleme wat so sensasioneel in die pers opgeëis is. Ook is dit 'n voortsetting van 'n deurlopende proses waarin UWK gedefinieer word.

**PB: Kom ons kyk na die definisies: "University of the working class?"**

DW: Ek dink nie die UWK kan altyd die inspraak gee wat werkers-klas-politieke verteenwoordigers verwag nie. Die student is nie 'n direkte produsent nie. Eerder 'n vloeibare kategorie wat byvoorbeeld nie óm iets soos loonissues gemobiliseer kan word nie.

Tog was en is die UWK 'n belangrike mondstuk vir die werkersklas se politieke stryd. Veral wanneer werkersklasleierskap deur die staat hokgeslaan word. En dié definisie was 'n verwysingspunt by die skep van 'n demokratiese bedingingskonteks by die UWK.

**PB: Die UWK as "intellektuele tuiste van die Left?"**

DW: Die UWK bied 'n platform vir die transformasionele diskoers. En kan self 'n bydrae maak. Ek verwag byvoorbeeld dat die debat oor nasiebou 'n basis hier gaan kry.

Ek dink ons is in 'n gunstige posisie om die beginsels van 'n inklusiewe nasieskap te formuleer.

Maar die gevestigde, gevormde linkse intellektueel kan probleme hê met die uitnodiging. Alles hier is net te nuut, te sonder presedent.

Die klassieke revolusionêr kan dit miskien nog verwerk. Maar die revolusionêre klassikus kan trauma verwag. Die fisiese en ideologiese argitektuur van die plek pas in geen verwysingsraamwerk nie.

Hy kom na die kampus, sien die kraaknuwe studentesentrum met Kremlin-torinkies voor en Grieks-Romeinse pilare agter. Oorkant verrys, magtig, die nuwe pagoda-agtige biblioteek met rooi Bauhaus-balke. Hy sien die eksotiese diversiteit van studentestyle. Alles net te nuut, te eklekties. Waar loop die LYN?

**PB: Is die UWK 'n laboratorium vir 'n eksperiment met nie-rassigheid?**

DW: My probleem met die eksperiment-nosie is dat dit by die afwesigheid van apartheidsmaatreëls vassteek. Daar was genoeg van 'n aktiewe nie-rassigheid, veral in '85 en '86, om te verhoed dat die UWK disintegreer. Die eksperiment is verby. Betekenisvolle voortbestaan berus op die toepassing van die gevolgtrekkings.

**PB: Maar daar word gepraat van versluierde rassespanning?**

DW: Dit moet, en ek hoop dit sal, 'n deurlopende besprekingspunt word. Maar as ons nie in ag neem nie dat daar ook 'n taalkwessie is, gaan ons ons vasloop. In 'n konteks waarin almal formeel gelyk is, is Xhosasprekers die één groep wat nie op Eerstetaal-onderrig kan staat maak nie. As bruin Afrikaanssprekendes weier om Engels as 'n gemeenskaplike tweede taal met Xhosa-sprekers te deel, en verbete aandring op onderrig in Afrikaans, kan RAS 'n comeback maak.

Mens het dit al sien gebeur. Ek wil nie hier soseer die belangrikheid van taal onderstreep nie, eerder die feit dat die afskaffing van apartheid bloot 'n beginpunt is, en dat die UWK se aard en probleme sonder presedent is. Dat mens hier reeds 'n idee kan kry van die soort issues wat in 'n post-apartheidsbestel beding sal moet word.

**PB: Jy sê herhaaldelik dat alles nuut en sonder presedent is. Kan jy meer konkreet wees daaroor?**

DW: Die Nuwe, die Presedentlose, word vir my saamgevat in die ongelooflike vlak van politisering hier. Dis nie net "belangstelling in die politiek" of die bevordering van 'n bepaalde ideologie nie. Dis 'n verbete deurdring na die politieke kern van enige issue. Is daar ongelykheid van mag en inspraak; bevoorregting, manipulasie, word daar gelieg?

**PB: Maar baat onderrig daarby? Jy kan tog nie wiskunde politiseer nie.**

DW: Maar 'n mens kan aandui hoe die wiskunde in die Buffel se dryfas beland het (ekskuus Piet).

Studente het die universiteit se vermoë om grade en diplomas toe te ken of te weerhou, gepolitiseer. 'n Ekstreme spinoff daarvan is 'n aandrang op gewaarborgde slaagpersentasies. Die wit universiteite dien as norm. En dit kan motivering om te studeer ontneem.

Tog word die beste akademiese prestasies in my vak gedurig behaal deur studente wat myns insiens ook besonder gepolitiseerd is. Ek dink nie dis 'n funksie van die vak se aard nie. Mens sien 'n passie om kennis te bekom.

**PB: Hoe begryp jy People's Education?**

DW: Dis tans 'n hoogs gepolitiseerde bevestiging van Kennis se waarde. Daar is 'n kritiese beskouing van die politieke konteks waarbinne onderrig plaasvind (of nie plaasvind nie), hoe kennis aangewend word om strukturele ongelykheid te reproduseer.

Daar is die eis dat onderrig transformasie moet aanhelp. Dat dit toeganklik moet wees. Mettertyd, dink ek, sal die leerproses en voortgesette (volwasse) onderrig meer aandag kry.

**PB: Ek vind dikwels in jou stellings 'n ongekwalifiseerde optimisme.**

DW: 'n Mens is nie aldag optimisties nie. Daar is soms ideologiese onverdraagsaamheid te bespeur wat myns insiens nie as revolusionêre commitment aanvaar kan word nie. Dit bevestig eerder die subtiele greep wat die Nasionale Stilmaakpolitiek nog uitoefen. Van binne.

Dit sou dwaas wees om te probeer om dit weg te praat. Tog glo ek dit sal eerder déúrgepraat word. Want hier is 'n onstuitbare wil om - met inbegrip van beperking en kontradiksie - die Nuwe te definieer.

Dit geskied met terugslae, maar die definisie word skerper, essensiëler.

Vrye Weekblad

## Werkersdag

Talle Suid-Afrikaners verkeer onder die wanindruk dat die land se ekonomie op die entrepreneurskap en vindingrykheid van industrialiste, sakemanne en amptenare gebou is.

Maar sonder die werkers sou daar geen ekonomie gewees het nie. Hulle is die mense wat kilometers onder die grond afsak om ons goud en ander minerale uit te haal; wat met sweet ons swaar industrieë bedien; wat op ons plase en in ons kombuise werk.

Maandag is Werkersdag. Dit is 'n dag vir dankie sê en hulde bring aan werkers van alle kleure en beroepe vir die bydrae wat hulle maak om Suid-Afrika so 'n relatief voortvarende land te maak.

Dit is egter ook 'n dag waarop werkgewers ernstig moet besin oor die waarde van hul werkers, en of hulle goed genoeg behandel en vergoed word.

Mense wat soms in haglike omstandighede moet werk, kilometers ver na en van hul werkplek moet reis en dikwels van 'n gesinslewe ontneem word, doen dit teen 'n vergoeding wat nie altyd 'n ordentlike bestaan moontlik maak nie.

Dit gaan nie hier om toegewings aan kommunistiese agitators nie; die meeste van die werkers se eise is bloot menslik.

Kom ons dink Maandag aan al ons land se werkers, veral dié wat die naaste aan ons is - in die huis, op die plaas, op die fabrieksvloer.

## Doodstraf

Een uit elke twaalf mense wat in die wêreld teregestel word, is 'n Suid-Afrikaner.

Lande met slegte rekords wat menseregte betref, soos Kuba, Libië en die Sowjet-Unie, lê veel minder mense die doodstraf op as Suid-Afrika, en nuwe wetgewing gaan die syfers in dié lande nog verder laat daal.

In Suid-Afrika word daar elke jaar meer mense gehang. Sewe mense is juis dié week gehang.

Selfs die beste regstelsel in die wêreld draai steeds om die menslike faktor, en mense maak foute.

As 'n regter 'n fout maak en iemand van sy vryheid ontneem, is dit erg. Maar as iemand weens 'n fout sy lewe ontneem word, is dit barbaars.

Die volwasse, menslike ding om nou te doen, is om 'n onmiddellike moratorium op die doodstraf aan te kondig en dan die hele praktyk deeglik te ondersoek met die oog op die algehele afskaffing van dié primitiewe strafmetode.

## So sê hulle . . .

"Hier, in Suid-Afrika, tussen die mense van gewete ongeag ras of kleur, hier in 'n geknelde land van noodtoestande, onderdrukking en detensie sonder verhoor, het Afrikaans in die keel soos melk in die son dik en suur geword." - dramaturg Deon Opperman.

"Ons jong geslag het die brutaliteit van die stelsel aan ons lywe gevoel op die grens. Ons is die kinders van Verwoerd." - skrywer Ryk Hattingh

"The troops say it is difficult to fight a war of terrorists and hooligans with the principles of gentlemen." - Cliff Saunders op Network.

"Ek wil dit kategories stel dat die Suid-Afrikaanse regering gekant is teen die gebruik van terreurdade of geweld om politieke doelwitte te bereik." - Minister Pik Botha.

"U het my seun aangekla, verhoor en skuldig bevind - sonder enige bewyse." - Santie Grosskopf in haar brief aan Minister Adriaan Vlok.

"As u kind in die kloue van die ANC beland het, wag daar vir hom en u as ouers net ellende en smarte." - Minister Adriaan Vlok.

"Dit is my mening dat die meeste polities-bewuste leiers hulself reeds buite die NP-struktuur bevind." - André Olivier, Stellenbosse SR-ondervoorsitter.

"Ek is die enigste persoon wat nog ooit 'n deur in PW Botha se gesig toegeklap het, en dit terwyl hy nog gesond was." - Dirk Mudge, DTA-leier.

"My goeie raad aan Swapo is om sy losbandigheid en politieke opportunisme nou te staak." - Generaal Magnus Malan.




BRIEWE

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

# As hulle jou die dag kom haal . . .

**Hartseer Afrikaner van Muckleneuk skryf 'n gedig:**

Variasies op 'n tema van pastoor Niemöller:
Toe hulle die kommuniste vat, het ek stilgebly
Want ek is nie 'n kommunis nie.
Toe hulle die klipgooiers begin vat, het ek stilgebly
Want ek gooi nie klippe nie (altans nie letterlik nie).
Toe hulle vreedsame swart protesteerders vat, het ek stilgebly
Want ek is mos nie swart nie.
(Daai besigheid met Biko - dit was lelik, maar die-polisie-weet-wat-hulle-doen en die minister self was nie gepla nie).
Toe hulle onstoke bruinmense en Indiërs begin aanhou, het ek op my tande gebyt maar ek het stilgebly
Want ek is nòg bruin nòg Indiër. Dis nie my besigheid nie.
Toe hulle die wit aktiviste opsluit, het ek stilgebly
Want dis verdagte tipes daai - kommuniste nege uit tien.
Toe hulle skrywers en kunstenaars stilmaak, het ek stilgebly
Want daardie soort mense is altyd way-out en ongebalanseerd.
Toe hulle die ANC-lede vat, was dit 'n jolly goeie ding
Want vir die ANC het ek g'n tyd nie, moordenaars en verkragters die hele lot. En net so min tyd vir mense wat "vryheidsvegters" vergelyk met die dapper Boerekommando's van die Vryheidsoorlog.
Toe hulle die UDF-mense begin vat, het ek ook stilgebly
Want oor die UDF was ek nog nooit seker nie.
Toe hulle Beyers Naudé en sy soort kom haal, het ek stilgebly
Want politiek en godsdiens gaan nie saam nie (buiten nou ds AP en ds DF, hulle was patriotte soos elke skoolkind weet).
Toe hulle die vakbondleiers begin vat, het ek stilgebly
Want ek behoort aan g'n vakbond nie en het ook nie een nodig nie.
Toe hulle die mense dreig wat met die ANC praat, het ek stilgebly
Want dis net 'n klomp freaks wat aandag soek.
Toe hulle vrouens en kinders begin toesluit en seermaak het ek eers 'n bietjie wakker gelê,
maar ek het stilgebly
Want nou weet ek die vrouens is skreeuende feekse, nes die wonderlike Winnie Mandela, en die sogenaamde kinders jeugmisdadigers. (Af en toe was daar miskien 'n ongelukkie, dis onvermydelik).
Toe hulle demonstrasies met traanrook opbreek, het ek stilgebly
Want waar-daar-'n-rokie-is-moet-daar-'n-vuurtjie-wees.
Toe hulle diensplígweieraars in die tronk stop, het ek gedink aan die Wêreldoorlog - toe mense nog kon kies - maar ek het stilgebly
Want waar sou ons wees sonder 'n army? En wie sal veg as hy 'n keuse het?
Toe maak hulle 'n wet wat my regte aantas.
En toe hulle my die dag kom haal
Toe was daar g'n mens oor om vir my te praat nie.

### Kom bepaal jou toekoms

**Leatitia Muir van Hursthill skryf:**

Ek het gedurende Maart Jodac se anti-apartheidskonferensie bygewoon en was baie beïndruk deur nie alleen die sprekers nie, maar ook die hele organisasie en tipe debatvoering wat plaasgevind het.

Die uniekheid van die konferensie was daarin geleë dat nou reeds begin word met debatte oor kwessies wat ons almal in die toekoms sal raak, bv hoe sal die staat, vakbonde en pers in 'n post-apartheid SA daar uitsien.

Die konferensie was ook in 'n tweede sin uniek omdat Jodac die eerste organisasie was wat dit nie nodig gevind het om soos talle ander akademici, besigheidspersone en organisasies die groot trek na Lusaka te onderneem nie.

Lede van die gehoor was dmv telefoniese kontak in staat om hulle vrae en probleme betreffende die nuwe konstitusionele riglyne aan km Skweyiya, 'n lid van die ANC se konstitusionele beplanningskomitee, te stel.

As verantwoordelike Afrikaner wil ek 'n beroep doen op my mede-landgenote om in die toekoms wel aan debatvoering te kom deelneem gesien jy regstreeks deur jou deelname 'n aandeel kan hê in die besluit oor hoe jou toekoms daaruit sal sien in 'n nie-rassige demokratiese SA.

### DP bied welkome heenkome

**Vlek Smit van Observatory skryf:**

Ek reageer op 'n artikel in Die Burger van 12 April 1989 - "Ou PFP in vermomming".

Die volgehoue ondermyning van alles wat betekenisvol is, is 'n ou streek van selfsugtiges. Nou is ek nogal selfsugtig oor die DP.

Ek kom daagliks onbekendes teë, in 'n ouderdomsgroep van agt tot ouer as tagtig, wat angstig positief is oor wat die DP bied. Aan die spits van die groep is 'n groot aantal jongeres vir wie die DP 'n spreekbuis vorm van 'n identiteit waarna 'n leeftyd gesoek is.

Ons wonder nie oor 'n NP wat ons van Engelse onderdrukking gered het nie. Ons sien nie meer suur neer op 'n NP wat ons medemens onderdruk nie. Die bitterheid het sy doel gedien. Dis nou onproduktief.

Die DP het die passasiers, dié wat kleef aan wat was, nie nodig nie. Die DP is nié die PFP nie. Dis 'n middeweg, 'n welkome heenkome uit die doodloopstrate wat ontstaan het.

Natuurlik sal daar verskille wees tussen lede van die DP. En in die verskille, en in suksesvolle onderhandeling, lê juis die krag van die DP.

Die Burger se styl dra natuurlik daartoe by dat aanmerkings oor die "koalisie" neerhalend klink. Vandaar die stelling dat "hulle (die Progge) waarskynlik gemeen het hulle sou hul twee junior vennote (NDM en OP) kan insluk."

Net om 'n vergelyking te probeer tref tussen die veel ouer PFP en die twee babapartye, is eerder 'n poging tot verwarring.

Daarom is daar Vrye Weekblad en die DP. Sodat ons reguit na die realiteit kan kyk. Sodat ons - wat ons ouers 'n leeftyd geneem het, en ons self al naby aan so lank - kan neerlê in lae so ryk soos die goud en ander minerale neerslae in ons land.

Nog briewe op bladsy 18

# Blaas my siel!

BROLLOKS het al van Daniël in die leeukuil gehoor en van 'n Storm in 'n teekoppie, maar die storie van die Suid-Afrikaanse "diplomaat" Daniel Storm en die gesteelde Blowpipe-missiellanseerder klink meer soos 'n bul met 'n ingeboude china-shop.

Eintlik was Daniël op soek na 'n moderne Starstreak-lanseerder, maar wat die Iere toe aandra, is al die tyd 'n verouderde stuk wapentuig. Kan dit 'n Ierse Paddy-grap wees, of is dit bloot 'n Van der Merwe-grap?

En voor 'n mens "blaaspyp" kon sê, begin die dubbelpratery uit die kabinet. Pik sê die saak word dringend ondersoek, maar Magnus sê weens die wapenverbod moet Suid-Afrika "soms onkonvensionele metodes gebruik".

En albei, met flikkerende neonligte in die stralekransies bo hul koppe, gee die versekering: Suid-Afrika gee nie wapens vir organisasies wat geweld as politieke metode gebruik soos die Protestantse groep in Ierland waaraan Daniël se mede-smokkelaars behoort nie.

En wat dan van Renamo in Mosambiek? En Unita in Angola? Pik en Magnus behoort hulle monde met seep uit te was.

* Suid-Afrikaners is moeg daarvoor om deur die res van die wêreld in dieselfde lig beskou te word as Moeammar Ghadaffi en die Ajatollah Khomeini, as 'n land wat terreur uitvoer en hul ambassades vir sulke ongerymdhede gebruik.

## Vlieg warm plek toe!

Bittergal het gister sit en blaai deur 'n boekie van PW Botha se sêgoed oor die jare. Nogal insiggewend.

Vir dié wat gedink het die Groot Krokodil het maar eers ná sy siekte 'n dik vel ontwikkel, hier is wat hy in 1984 al gesê het: "Ek het 'n stadium in my lewe bereik waar dit nie meer vir my saak maak wat mense van my sê nie."

## En wat sê ons vir die kiesers?

Maandag dié week maak die SpieëlBeeld van Verligtheid toe weer so. Dis nou grom vir PW.

Maar ai, Brolloks voel só jammer vir sy kollegas by die Spieël. Dis swáár werk om met voetboeie om jou enkels te wil joernalis speel.

Eintlik wil hulle sê PW moet nou dadelik loop sodat FW kan oorvat sodat die Spieël makliker die verkiesing vir die Nasionale Party kan veg.

Maar hulle maak eers 'n draai by die "uittredende staatshoof (wat) met al die agting en waardering wat hom toekom, sal kan aftree." Dan kom hulle by die "situasie wat nou al onhoudbaar begin lyk" wat nog vyf maande lank "moet voortsleep".

Dan het hulle dit oor landsvraagstukke wat intussen aangespreek moet word, en dan kom die gróót vraag: "Wat sê ons vir die kiesers as hulle wil weet waarheen gaan ons met sulke sake?"




Liewe vriende, laat Brolloks julle 'n geheimpie vertel. Júlle skuld die kiesers nie antwoorde oor openbare beleid nie! Dis die Nasionale Party wat die antwoorde moet gee!

Julle is verslaggewers of joernaliste, nie politici nie. Koerante is nie verantwoordelik om namens politieke partye antwoorde uit te dink nie; hulle moet die vrae vra en die volk inlig. Of hoe?

* Maar Bittergal sê die "ons" wat die Spieël gebruik lyk vir hom darem al te veel na 'n onderrok wat uithang. Want inderdaad is die Spieël en die Party só na aan mekaar dat g'n mens meer weet waar die een begin en die ander ophou nie.

## Nog 'n "wit terro"

In 'n week waarin 'n moeder se hartseer oor haar seun wat deur die Minister van Wet en Orde as ANC-terroris "aangekla, verhoor en skuldig bevind is" tot in die land se hoogste gesagsliggaam gevoer is, gaan die SpieëlBeeld en begaan al weer dieselfde flater.

"'n Wit terroris en Grosskopf" basuin hy dit Woensdagoggend op sy voorblad uit, verwysende na ene Ronald Bezuidenhout wat 'n "opgeleide blanke ANC-terroris" sou wees en onlangs kontak met Hein Grosskopf gehad het.

Al wat in die berig staan, is dat Bezuidenhout in 1987 en 1988 in Angola en Oos-Duitsland opgelei is en lid sou wees van die ANC se groep vir spesiale operasies wat teikens in Suid-Afrika moes saboteer.

Niks word gesê van enige terreur wat hy gepleeg het nie.

* Maar daar gaan staan die Spieël en kla hom aan, verhoor hom en bevind hom skuldig. Nes Adriaan Vlok.

## Ag nee, Leon

En daar kry die regering by monde van "New Nat" Leon Wessels vandeesweek in die Parlement al weer vir Wynand Malan voor stok omdat hy met die ANC gesels.

Wessels sê Malan en die Demokratiese Party sal nooit die ANC uit geweld kan praat nie.

Waar's die geweld? Honderde mense sterf in onluste in Natal; 900 mense is ingeperk; nog honderde word aangehou sonder die reg op verhoor; 'n "diplomaat" probeer 'n missiellanseerder steel - volgens die twee mees geloofwaardige Britse koerante in ruil vir steun aan 'n Protestantse terroriste-organisasie in Ierland...

Eendag gaan die Nasionale Party nog vir Wynand dankie sê dat hy die moed gehad het om met verteenwoordigers van die meerderheid Suid-Afrikaners soos die ANC en UDF gepraat het, terwyl die NP cowboys en kroeks met die KP gespeel het.

* Hoe lyk dit asof Leon die pad van sy vriend Roelfie loop? Die beste medisyne vir 'n verligte Nat was nog altyd 'n adjunk-ministerspossie...


## Onkunde in Harare

"Ek het nie geweet nie," was herhaaldelik die verskoning van wit vroue op verlede week se konferensie met die ANC in Harare. Nou wonder Brolloks of dit nie eerder 'n kwessie is van nie wíl weet nie. Die woorde van 'n welgestelde Engelssprekende afgevaardigde van Tamboerskloof, Kaapstad, wat graag vir die Nasionale Party stem, som heel waarskynlik die ware sentiment die beste op. "You cannot expect me to throw away all I have ever believed in," het sy op dramatiese wyse uitgeroep nadat Suid-Afrika se beleid van destabilisasie in 'n aangrypende videoprent uitgewys is.

* Siestog. Brolloks se hart bloei.


## Dis nie boere nie

'n Vriend van Brolloks het die Voëlvry-konsert op Clarens bygewoon en hy sê dit was 'n jol soos min. Toe Kerkorrel lostrek, hoor hy hoe een bruin man aan 'n ander sê: "Maar dis nie Boere dié nie. Dis ander mense!"




**Weens gebrek aan ruimte kan ons nie die drie wen-inskrywings in ons Teken FW-kompetisie dié week plaas nie. Dit kom volgende week. Hiernaas is AE Maritz van Vanderbijlpark se bydrae wat net na die sluitingsdatum aangekom het. Dit is baie jammer, want dit kon maklik onder die wen-inskrywings gewees het.**

# Springbok-kleure vir vingerwikkel?




Egbertus Klaagvoort

PATRIOTTE, die vaandel staan vier. Die vlag staan styf in die wind, asof hy 'n oordosis Salusa 45 in het. Dit is die wind van verandering.

Nie wit verandering nie, helaas; maar veranderde gesindhede elders. Waarvoor staan die grondwetlike lappieskombers so kleurvol soos 'n Leipoldtversie, of soos 'n bevolkingsregister?

Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra wat beteken jou vlag dan SA? Nooit hoef ons te oorweeg dat die vlag staan vir onderdrukking deur die Boere-republieke nie; deur kolonialisme nie; deur veertig jaar van NP gewetenloosheid. Geen wonder nie dat politieke partye wat buiteparlementêr vry moet ligloop met die uitstalling van die vlag.

Gelukkig kon die DP darem nou die aand daarop reken dat iemand sou vergeet om die Oranje Blanje Blou oop te sprei.

Van landskleure gepraat, die draers van die groen en goud het so stil-stil met een aangegroei. Springbok-kleure is toegeken aan die Volksheld en hoe verdienstelik was dit nie.

Seker vir vla-eet, meen Moeder. Wat van vingertrek? Vra Miesies Klaagvoort. Eerder vingerwikkel sou ek dink, maar hulle het dit almal mis. Dis vir perdry, en ons weet almal hoe goed die Volksheld perdry, daarvan het Rozanne Both, die bekende digteres, ons tot siekwordens toe vertel.

Ons wag nou net dat die Volksheld 'n perd aanstel as ambassadeur iewers (dws as iemand iewers ons nog erken). Dalk kan die perd 'n konsul wees en vir Albert Nothnagel daar in die buitenste duisternis geselskap hou.

Vrinde, die Oorlogsministerie se begroting is darem 'n gala-event. Ons word vermaak deur die vlugvoetige denke van Magnus PI en dan is daar boonop die betowering van sy silwer tong. Hipnoties is nié die woord nie. Maar die inhoud van die debatte is tog so 'n eye-opener.

## Histeriese gemors

Soos Dr Treurmaere wat die weermag van alle blaam in Namibia wil onthef en die skuld op Magnus pak, Magnus wat homself én die weermag van alle blaam onthef en dan besef dat niemand oorbly om uit te kryt vir die gemors nie.

Histeriese gebeure, seg ek julle, never mind histories.

Die juweel van die begroting lê egter in die ruimhartige bekendmaking dat soveel hektaar militêre grond nou geskenk gaan word vir ontwikkeling.

Die grond is glo skietbane wat nou omskep word in townships. Die ironie is te sappig: sedert 1985 omskep die weermag dan juis die townships in skietbane.

As julle weet wat ek bedoel.

## BRIEWE

# Gaan ons dan Fanagalo praat?

**J Smuts van George skryf:**
In artikels in die Vrye Weekblad is verskeie male verwys na "die bevryding van Afrikaans". Ek weet nie eintlik wat daarmee bedoel word nie.

In die 19e eeu het die Britse owerheid probeer om die gebruik van Afrikaans in die Kaapkolonie te onderdruk en die Taalbewegings kan bevrydingsbewegings genoem word.

Die NP-regering het Afrikaans op swart skoliere probeer afdwing. Ongelukkig het Afrikaans in baie kringe die benaming "onderdrukkerstaal" gekry. Onder Afrikaners het Engels lank bekend gestaan as "onderdrukkerstaal". Dit is ewe dwaas.

'n Taal is neutraal en as dit vir 'n kwade doel gebruik word, is dit nie die taal se skuld nie. Net so min kan jy die wetenskap veroordeel omdat die mens kernbomme en gifgas vervaardig.

Dit is ongelukkig waar dat die NP Afrikaans as sy besit opgeëis het en dat kultuurliggame soos die Akademie en die FAK deur politici beheer word.

Geslagte lank is daar reeds teen Afrikaners wat nie ondersteuners van die NP is nie gediskrimineer op politieke, kerklike, kulturele en ekonomiese gebied. Onder die onderdruktes is daar dus ook blanke Afrikaners en van hulle gaan daar lank reeds 'n verset uit, ook op kulturele gebied.

Wat my bekommer, is dat daar oproepe uitgaan om 'n "alternatiewe Afrikaans". Wat dit juis beteken, weet ek nie, maar ek kry die indruk dat dit 'n soort Fanagalo met Afrikaans as basis sal wees. Afrikaans het in sy kort bestaan merkwaardig ontwikkel. Dit is nie net 'n kultuurtaal nie, maar 'n volwaardige vaktaal.

Om standaard-Afrikaans nou oorboord te gooi as gevolg van politieke vooroordeel sou meer as dwaas wees. Die gevaar bestaan altyd dat die sug om wraak te neem vir onderdrukking en wanbestuur tot gevolg het dat die goeie met die kwade uitgeroei word, soos in etlike Afrika-state gebeur het. Aldus moet ons in Suid-Afrika sorg dat 'n totalitêre apartheidstaat nie deur 'n kultuurlose Marxistiese diktatuur vervang word nie. *(Brief effens verkort)*

### Geen benul van in-fighting

**Jo-Marie Claassen van Stellenbosch skryf:**
Week na week hoop ek dis verby, maar nee dit sleep voort: adademiese in-fighting waarvan min, myself inkluis, enige benul het.

Die here Brink en Olivier en trawante herinner aan 'n klomp afarmboksers in rolstoele wat mekaar met hul kunstande probeer gooi - heel aardig, maar nie aktueel nie. As dit vir my, van beroep 'n letterkundige, totaal onverstaanbaar is, wat van die sakevrou, arbeider, spoorwegman of huishoudster wat VW (maar nie De Kat nie) lees ter wille van pitkos? Staak dit, toe!

U kan gerus by Time Magazine gaan kers opsteek in verband met die snoei van briewe. As SA én wêreldgebeure weekliks in 'n enkele VW-kolom opgesom kan word, waarom byna twee bladsye wy aan minder as tien briewe?

### Lewende taal gered

**Brian Ross van Himeville skryf:**
Al jare lank beskou ek Afrikaans as die taal van die onderdrukker, van mense wat hou van gedwonge verskuiwing van mense wat hulself nie kan verdedig nie.

Maar noudat die Wye Kreefblad op die toneel verskyn het, sukkel ek ná seker twintig jare om weer Afrikaans te probeer lees.

Dit is vir my duidelik dat Vrye Weekblad Afrikaans red as 'n lewende taal van gewone mense.

Ek hou duim vas dat meer adverteerders opduik om te verseker dat dié intekenaar nog uitgawes kan lees.

My enigste klagte is dat Vrye Weekblad eers die volgende Donderdag in my posbus beland.

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

## PERSOONLIK

Aan al die Clarens-jollers: Hou die blink kant bo. Van 'n Oranje Blanje Blueskoekie.

Die Takhare vir vrede sê onthou Kerkplein op 30 April.

Baie geluk met ma se verjaardag. Liefde Victor.

Helmuth en Ann: We have the edge on your wedge - oefen maar terwyl julle weg is. Van die formidabele vrouens.

C - die ooms met die wit jasse het gebel. Hulle sal weer bel - C.

Super M - Daar is werke én werke. Maak dit 'n dubbel - Super C.

Ter ondersteuning van die werkers. Theo du Plessis, Durban.

"Never in this world can hatred be stilled by hatred; it will be stilled only by non-hatred - this is the law Eternal" - Buddha. Van die ander takhare.

Geluk Vrye Weekblad en Voorwaarts. Julius Bramley, Nelspruit.

Desperate, jongerige bestuurder van wit Volksie in Melville soek na die #$*%&@!! wat sy enginecap se slot gesteel het.

Ian - moet ons nie meer bel nie. Ons hou nie van jou nie.

Ons ondersteun julle met die werk wat julle doen. Irma, David, Butch, Sobeth en Nick.

## WOONPLEK

Eva soek 'n woonstel in Johannesburg, verkieslik noordwestelike voorstede. Skakel (012) 432586 of (011) 725 2544 x 1707

Huis te huur gesoek in Melville, Westdene, Brixton-area vir 2 mense vanaf 1 Julie. Bel Karien by tel (011) 836 2151 (w)

Ons soek 'n huis vir twee of drie mense in Melville, Westdene of Brixton so gou moontlik. Bel Toni by tel (011) 834 2178.

## DIENSTE

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

Jacob Regop-kapsules: Help om verlore energie terug te plaas deur die voedingsvitamines wat vir normale liggaamlike funksies vereis word, te verskaf. Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 'n maand se voorraad aan: Emcor, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel: (021) 551 4360. Ook verkrygbaar by jou naaste apteek

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige diensplig navrae. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 322 7670 Jackie (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

Bondbuster. Is jou verband besig om jou dood te maak? Betaal jou grootste skuld af in die helfte van die tyd. Jou verband kán afbetaal word - gouer as wat jy dink. Vir verdere inligting bel Rhys Bridger by tel (011) 792 2693 (w) of (011) 792 2136 (h).

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h).

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Bel tel: (011) 724 0784

Woordverwerking: Tik, edit, kwaliteit drukwerk. Tel: (021) 472919.

## GEBEURE

Vrye Weekblad sal nie volgende week, 5 Mei verskyn nie. Ry versigtig en geniet die naweek.

Die Voëlvry-konsert is vanaand by die Frans Cronjé-saal in Bloemfontein om 8.00 nm en môre in Kroonstad by die Alan Rautenbachsaal om 8.00nm.

Die NP van Wyk Louwklub vergader op May Day om middernag in die Skilpadsaal om die dieper reg te bespreek.

## MARK

ZONA in Norwood verkoop eksklusiewe inheemse handwerk en kuns

Victor soek (nóg steeds) 'n betroubare tweedehandse wasmasjien. Skakel (011) 487 1433

Kashgar

KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

Yeoville Book Stall, Cavendishstraat 36, Bellevue. Tel: 648 2002. Geskiedenisboeke nou in voorraad, ook boeke oor joernalistiek, biografieë van politici en die Suez-kanaal. Redelike pryse.

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Ek soek 'n roesbruin of swart leerbaadjie en is bereid om daarvoor te betaal. Grootte 36/38. Skakel Gwynne by (011) 836 7236 (w).

Die nuwe STET 5-4 verskyn einde Mei. Bestel nou by STET, Posbus 39400, Bramley 2018. Die prys is R3,50.

Ek soek die volgende uitgawes van Leadership SA: Vol 1 No 1 (1982); Vol 2 No 1, 2 en 4 (1983); Vol 3 No 1, 2 en 3 (1984); Vol 7 No 2 tot 7 (1988). Skakel Anthoni by (011) 339 2021 (w).

## WERK

Die Leonard Rayne-Lataandvertoonkas se mikpunt is om aan jong kunstenaars en skrywers die geleentheid te gee om hul talente ten toon te stel. Enige aspirant-kunstenaars, skrywers en musikante wat van die geleentheid wil gebruik maak, moet Debbie Batzofin skakel by (011) 805 2805/6

Sheila by The Set-haarkappersalon by die Markteater soek 'n moderne haarkapper met 'n "following" vir heeltydse werk. Skakel (011) 838 1447. Dinsdae tot Saterdae.

Doen reklamewerk in u vrye tyd vir 'n besigheidsontwikkelingskorporasie.

Verdien 'n bykomstige inkomste. (U doen geen verkope nie!) Skakel Pretoria 341 0815/ 0820 of Kaapstad 930 1958. (Verw: 4202)

Vrye Weekblad soek mense wat ons saak goed-gesind is om ons te help met administratiewe en promosiewerk vir 'n paar uur per week. Skakel Jan van den Bos by tel 836 2151.

### Staffrider Magazine

"Staffrider Magazine has in a very crucial and interesting way been involved in the re-emergence of the resistance movement in the seventies as well as the development of the worker's movement more recently. This is to say that Staffrider has been part and parcel of the spread of a democratic culture." - Njabulo Ndebele. Participate in shaping the culture of South Africa by subscribing to this exciting and valuable magazine. Completé the enclosed form and send R17,95 to Staffrider Subscriptions, Ravan Press, PO Box 31134, Braamfontein, 2017.

Name : ..........

Address : ..........

..........

Postal Code : ..........

Date: .......... Signature : ..........

Tel: ..........

You will receive 4 issues of Staffrider Volume 8 for 1989.


## Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!



Vir R60 (AVB ingesluit) kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingesluit) 6 maande lank.


Naam: ..........

Adres: ..........

..........

..........

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/R30



Vrye Weekblad



JACOB RegoP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........

Adres: ..........

..........

.......... Poskode: ..........

Telefoon: ..........

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**

# Wally aan die brand op 80

*Van bladsy 20*

Met sy tweede paar het hy besluit om "spandabelrig" te wees en 'n paar Bata-tennisskoene teen sewe en 'n sikspens aangeskaf.

"Met vandag se peperduur skoene dink mense dat die skoene die hardloper maak, maar die hardloper maak die skoene. As jy nie oefen nie, help daai duur skoene jou niks nie. You must put the goods in the shoes."

Wally glo nie aan 'n klomp pille nie. "My dieet bestaan uit goeie tuisgekookte kos. En dan 'n lekker sappige stukkie steak so 'n uur voor die Comrades begin.

"Ek rook of drink nie. Tog het ek een ou swak plekkie, en dit is vir sjokolade.

"Ek probeer om my gewig in toom te hou, omdat jy op my ouderdom al te maklik ekstra kilogramme aansit," sê die seningrige 68 kilogrammer.

Waar 1953 sy beste jaar as atleet was, was 31 Mei verlede jaar met die Comrades sy beste dag - omdat hy so gemaklik gehardloop het en hy goed kon klaarmaak.

Vanjaar is die wedloop afdraende vanaf Pietermaritzburg na Durban.

"Ek sal tevrede wees as ek vanjaar binne die elf-uur grens klaarmaak. Dit sal nie makliker wees nie, maar met die Goeie Heer se hulp hoop ek om klaar te maak.

"Dit kan dalk my laaste Comrades wees, omdat dit baie van jouself en jou tyd opneem. Ek sal moet sien.

"Ná laasjaar se wedloop was ek so vir 'n dag of twee styf, maar dit was ek te wagte. Ek het beter gevoel as na 1930 se wedloop."

Die muurhorlosie slaan. "Ek het dit in 1930 vir my oorwinning gekry."

As 'n man wat weet, sit Wally sy geld op Bruce Fordyce om weer eens die lourierkrans om sy nek te kry. Sonder enige huiwering sê hy dat Frith van der Merwe die eerste vrou oor die wenstreep sal wees.

Sy vrou Bertha hou buite stil. Toe sy inkom, vertel hy haar van die "very old couple" wat ten tyde van die onderhoud kom inloer het.

Hulle kon maklik sy juniors gewees het, maar teen die immergroen Wally sal selfs sommige dertigjariges stokhoring-oud voorkom.

Net môre gaan ek vir my 'n nuwe paar hardloopskoene koop.

RUGBY:

# Die eerste kanonskote om Curriebeker klap

**Chris van Vuuren**

NOORD-TRANSVAAL begin sy verdediging van die Curriebeker vanaand op Loftus Versfeld teen die nuwelinge Noord-Vrystaat. Die Blou Bulle, hoewel hulle die algehele gunstelinge is, moet die Perstruie egter nie onderskat nie.

Pieter Sonnekus se Goudvelders is toffietaai en bêre juis hul beste vir die groot geleenthede. Hulle sal poog om die Noorde uit rat te gooi en veral met dodelike verdediging die Ligbloues op die agtervoet te hou.

Die Noorde is bekend daarvoor dat hulle stadige beginners is en eers later in die seisoen behoorlik vlamvat. Hulle sal egter moet sorg dat hulle op 'n wennoot begin, aangesien 'n glips nou hulle later in die seisoen duur te staan kan kom.

Die veranderinge in die Noorde se span kan die nodige slaankrag bring wat hy benodig het. Johan Heunis op losskakel kan sy stempel behoorlik afdruk en rigting aan die driekwarte gee.

Transvaal pak die Oostelike Provinsie in Port Elizabeth en moet hul momentum van die afgelope ruk behou. Wahl Bartmann se span kry die geleentheid om wraak te neem vir die nederlaag teen die Oos-Kapenaars in die onlangse Yardley Goldreeks.

OP is juis een van die spanne teen wie Transvaal nog altyd gesukkel het.


Die Westelike Provinsie kan in Durban maklik op Natal se piesangskil gly. WP het nog nie die seisoen oortuig nie, terwyl Natal reeds die Yardley Gold-kroon dra.

Op die toetsunie-dag het WP gesukkel om 'n verswakte Natalspan te klop. Met André Botha, Rudi Visagie en Hugh Reece-Edwards terug in aksie en op hul tuisveld, sal Natal beslis veel meer van 'n bedreiging wees.

Suidwes-Afrika begin sy aanslag om die gesogte Goue Beker in Bloemfontein teen Vrystaat. Stompie Fourie se Vrystaters is vuurwarm die seisoen en is vas van plan om verlede jaar se nagmerrie af te skud.

Suidwes se afrigter, Henning Snyman, het juis aan die begin van die seisoen belowe dat hulle op hul beste in die eerste Curriebekerwedstryd sal wees.

Hulle sal met 'n verwoede aanslag kom wat op die Richterskaal gemeet sal kan word.



Hempas Rademeyer gaan die fort moet hou vir Transvaal

PADWEDLOPE:

# Dink voor jy op Potties hol

**Ockie Dupper**

SWART atlete wat steeds wil deelneem aan môre se Potgietersrus-marathon, mag dit nou doen - die verbod op hul deelname is deur die Hooggeregshof ongeldig verklaar.

Regter Botha het in sy uitspraak gesê die verbod wat deur die KP-beheerde stadsraad op die deelname van swart atlete geplaas is, is gegrond op irrelevanthede en kom neer op diskriminasie teen dié atlete.

Die voorsitter van die bestuurskomitee, Pieter van Niekerk, het voor die hof getuig dat die verskillende "bevolkingsgroepe" aan hulle eie wedlope moet deelneem om rasse-wrywing te voorkom. Die burgemeester, George Morkel-Brink het gesê die stadsraad het slegs voldoen aan die mandaat wat deur die kiesers aan hulle gegee is en dat hulle sal voortgaan om uiting te gee aan die inwoners se wense.

Verskeie atlete met wie Vrye Weekblad gepraat het, het met skok op die gebeurde gereageer.

Een van hulle, wat nie sy naam genoem wil hê nie uit vrees vir viktimisasie, het gesê atlete moet uit beginsel nie aan sulke wedlope deelneem nie. Organiseerders moet alternatiewe reëlings tref en die wedloop in 'n ander sentrum aanbied, het hy gesê.

* Hier is meer inligting oor wedlope wat in die volgende twee weke plaasvind:

- Ohlsson's 56 km: McArthur-stadion, Potchefstroom; Saterdag, 29 April om 6.00 vm.
- Khosa 21 km: Friedman-stadion, Krugersdorp; Maandag, 1 Mei om 8.00 vm.
- Safari 21 km: Wellington; Maandag, 1 Mei om 7.00 vm.
- Wally Hayward 42,2 km en 21 km: Verwoerdburgstad; Saterdag 6 Mei om 7h00.

# Rugby sonder apartheidswolk

**'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse rugbypubliek het eers van die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (Saru) kennis geneem nadat hulle met Danie Craven en Louis Luyt - van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad - en die ANC in Oktober verlede jaar in Harare samesprekings gevoer het. In 'n artikel in die jongste uitgawe van die Sacos-tydskrif, Sportlink, het Saru-president, Ebrahim Patel, van die welslae van dié unie vertel. Hier volg 'n verkorte weergawe van die artikel deur CHARLES LEONARD**

DRIE Saru-spelers is op die oomblik in Engeland waar hulle afrigtingsessies by die bekende Blackheath-klub bywoon.

Yagha Sakier, Irven October en Ronald Korkee het die Engelse baie beïndruk met hul standaard van rugby, sê Patel, wat onlangs teruggekeer het van Engeland.

"Dit was vir die spelers wonderlik om die vreugde van rugby te speel sonder die donker wolk van apartheid wat oor hulle hang," sê hy.

Saru ondersteun nog steeds die Verenigde Volke se moratorium op sport wat bepaal dat geen oorsese toere na en van Suid-Afrika sal plaasvind voordat daar nie 'n nie-rassige demokrasie in die land bewerkstellig is nie.

"Tog is die beweegrede nie dat rugbyspelers wat hul lewens en talente aan nie-rassige rugby wei, ook geïsoleer moet wees en nie internasionale kontak kan hê nie."

Om hulself voor te berei vir 'n post-apartheid gemeenskap, is Saru oortuig daarvan dat internasionale ondervinding soos in bogenoemde geval nodig is vir hul spelers.

Dit is om dieselfde rede dat Allister Coetzee, die opwindende skrumskakel van die Oostelike Provinsie, onlangs Australië toe is om sy talente daar aan die rugbywêreld ten toon te stel.

Saru glo ook dat sy afrigting van 'n hoë gehalte moet wees, en daarom gaan 'n groep afrigters binnekort oorsee vir 'n afrigtingskursus.

Die rugbywêreld is darem nie almal onbewus van die rol wat Saru in Suid-Afrika speel nie.

Die rugbyspelende lande van Afrika het Saru genooi na sy volgende vergadering.

Soos 'n Saru-beampte gesê het: Vandag Afrika, môre die wêreld.

University of Natal

*"The University of Natal seeks in all its endeavours to promote the achievement of a free, just and equitable society."*

**Professor P de V Booysen
Vice-Chancellor and Principal
21 February 1989**

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

Die sweep het geklap en die rugbyhare waai
— 15

Vrye Weekblad SPORT

MARATHON:

# Comrade Wally kan onmoontlik 80 wees ...

Charles Leonard

WALLY HAYWARD het 65 jaar gelede vir diamante begin hardloop. Sowat 59 jaar gelede het hy vir goud begin hardloop en vandag, op die ouderdom van 80, hardloop hy vir sy plesier.

Ses weke na die Comrades-marathon, op 10 Julie, word die merkwaardige man (noem my Wally) 81 jaar oud. Hy het twee weke gelede in die Elite-marathon op Sasolburg gekwalifiseer vir Suid-Afrika se bekendste en moordendste marathon.

Geklee in 'n trui, hardloopskoene en 'n kortbroek - op 'n fris Hoëveldse herfsmiddag - het die bruingebrande Wally gesels oor waar dit alles begin het.

In 1924 was daar 'n diamantstormloop by 'n Randse myn, Welverdiend, en 'n ouerige delwer het Wally en die buurseun betaal om vir hom kleims af te steek. Wally was toe 16 en het reeds skool verlaat omdat daar nie geld was nie. Sy pa is twee jaar tevore oorlede.

Toe die man hulle vyf maande later vra om dié keer by Grasfontein teen 'n betaling van vyf pond elk kleims te gaan afsteek, het hy nie gehuiwer nie.

Hulle moes 'n afstand van ongeveer twee en 'n halwe kilometer oor die veld hardloop om die kleim af te steek.

In dié stadium het Wally-hulle in die Johannesburgse voorstad Norwood gewoon, en hy het by 'n Boys Club aangesluit nadat die ouens daar gehoor het hy kan hardloop.

Die eerste middag het hulle 16 kilometer ver gehardloop en Wally het besef hy is 'n hardloper.

"Dit is waar die gogga my gebyt het en ek het elke dag gehardloop. In daardie dae het ons geen handleidings gehad oor hoe om te hardloop nie en ek het myself baie hard gedryf. Dit kon my ondergang beteken het, omdat 'n mens veronderstel is om stadig te begin.

"Dit was 'n kwessie van dom krag."

Aan die einde van 1929 het hy in 'n pamflet gelees van die Comrades en dadelik besluit om deel te neem.


Toe hy in 1930 die eerste keer aan die 89 kilometer-lange wedloop deelgeneem het, was 60 kilometer die verste wat hy nog gehardloop het.

Ondanks die feit het die eerste van sy vyf goue wennersmedaljes aan die einde van die wedloop om sy nek gehang.

In 1931 het 'n eiergrote klip hom daarvan weerhou om deel te neem. Tydens 'n oefensessie op pad van Modderfontein na sy huis in Norwood, het Wally - "daardie tyd was daar nie teerpaaie daar nie" - skeefgetrap op die klip en 'n beentjie in sy voet gebreek.

In 1932 het 'n kwak byna gesorg dat dié kanniedood ophou hardloop het: 'n hardnekkige pyn in die linkerdeel van sy bors is gediagnoseer as 'n ernstig ooreiste hart, en hy moes onmiddellik ophou hardloop.

Iemand het selfs aan hom gesê dat 'n doppie Martell-brandewyn en 'n rou eier per dag net die ding was om 'n erg ooreiste hart reg te ruk!



"Noem my Wally"

Foto: Ruvan Boshoff

Gelukkig het 'n doktersvriend, ná 'n deeglike ondersoek, Wally gerus gestel met die woorde: "Gaan haal dadelik jou hardloopskoene uit, daar is beslis niks met jou hart verkeerd nie."

Na 'n ruk se harde oefening het die pyn begin weggaan.

In 1938 is hy gekies om as Springbok aan die Britse statebondspele in Sydney deel te neem.

Die pyn het skielik weer kop uitgesteek. "Dit was so erg dat ek nie kon loop nie."

En hier los sy afrigter toe die probleem op. 'n Halwe bottel Philips Magnesia en Wally het nooit weer aan "'n ernstig ooreiste hart" gely nie. Dit was toe, ná alles, net slegte spysvertering.

In 1950 het Wally op 41-jarige ouderdom 'n terugkeer tot die pad gemaak en weer die gesogte goue Comrades-wennersmedalje om sy nek kon hang. Oor sy afwesigheid van 1933 tot in 1950 wonder Wally self: "Daar was die oorlog, maar ek weet self nie waarom ek nie die ander jare deelgeneem het nie."

Die volgende jaar, 1951, het die naam Hayward weer op die wennersrol verskyn.

In 1952 moes Wally tussen die Comrades en die Olimpiese Spele kies. Om die Springbokke in die marathon-item in Helsinki te verteenwoordig was darem 'n eer wat nie te versmaai is nie en Wally moes die Natalse moordenaar misloop.

"1953 was my grootste jaar."

Die Hayward-masjien het nie alleen al die groot wedlope - insluitend die Comrades - in Suid-Afrika gewen nie, maar ook oorsee geskitter.

Hy het die rekord in die Londen na Brighton-wedloop met 23 minute verbeter. Die volgende rekord wat in die slag gebly het, was in die Bath na Londen-wedloop. Hy het die 160 km in 'n uur vinniger as die vorige beste tyd voltooi.

Die daaropvolgende maand het hy om Mossworthpark in Brittanje gehardloop en nog 'n rekord agter sy naam geskryf.

Sy vriend Johnny Halberstadt is nie die enigste atleet wat probleme met die atletiekowerhede gekry het oor "professionaliteit" nie.

Gilbeys en Castle-brouerye het hom altesaam 400 pond gegee om 'n deel van sy onkoste vir sy oorsese deelname te dek, en daarom het die atletiekvereniging hom geskors.

Hy moes toe maar sy hardloopskoene wegpak. Gelukkig is hy 14 jaar later weer toegelaat om aan wedlope deel te neem.

Gepraat van hardloopskoene. Sy eerste paar het hom een en ses pennies gekos.

*Na bladsy 19*

SOKKER:

# Nuwe era vir werkersport

Cheryl Roberts

NA maande van indringende onderhandelinge tussen die Natal Council of Sport (Nacos) en die Natal-tak van Cosatu, bereik dinge dié naweek 'n hoogtepunt met 'n groot sportsaamtrek in die Curriesfontein-stadion in Durban.

Beide Nacos en Cosatu het hul organisasies tot 'n werkverhouding verbind en sal die sportindaba gebruik om 'n Nacos/Cosatu-koördineringskomitee te loods.

'n Sokkerfees word vir die saamtrek beplan en spanne van Cosatu, Nacos en die vakbond van die Pos- en Telekommunikasiewese sal deelneem.

Die saamtrek sal afgesluit word met 'n werkswinkel wat die tema "'n Werkersklas-kultuur in Sport" sal behandel. Die vise-president van Cosatu, Chris Dlamini, en die president van Nacos, Krish Mackerdhuj, sal die bespreking inlei.

Die drie dae lange saamtrek word beskou as 'n mylpaal in die sportversetbeweging en dat dit 'n nuwe era in werkersport kan inlei.

Maar wat belangriker is, is dat dit die eerste geleentheid sal wees waar vakbondwerkers en nie-rassige sokkerliefhebbers kan deelneem onder die banier van wedywerende kameraderie.

Cosatu se kulturele beampte, Mi Hlatshwayo, het gesê die fees is 'n "baie belangrike projek".

"Werkers en ander sokkerliefhebbers van oor die hele Natal sal deelneem. Dit is 'n teken van die werker se toetrede tot sport," het hy gesê.

Omdat Cosatu se lidmaatskap uit verskeie ander sportliggame bestaan, bied die saamtrek spelers 'n rare geleentheid om saam met en teen ander spelers te speel.

VRYDAG


Bylaag tot Vrye Weekblad, 28 April 1989

# Kalahari Surfer na Rusland



Chris du Plessis

WARRICK SONY, die hoof (en enigste permanente lid) van die Kalahari Surfers en een van die stigterslede van Shifty Records, gaan volgende maand die eerste Suid-Afrikaanse Rocker word wat amptelik deur die Sowjetunie van Rusland uigenooi is om daar te kom optree.



Warrick Sony

Warrick sal saam met 'n klomp ander Europese en Russiese groepe, waaronder Peter Hammill, op 27 en 28 Mei by die Palace of Youth in Moskou tydens die "Afri-fest" optree. Geld vir die rockmusiekfees sal help om honger kinders in Afrika te voed.

Twee Folk-groepe uit Afrika sal ook optree. Die fees sal op nasionale Russiese TV uitgesaai word.

Die Kalahari Surfer/s (Warrick) se vierde langspeler, Bigger than Jesus, word binnekort in Suid-Afrika deur Shifty Records uitgereik. Dit is die eerste keer wat een van sy plate eers in Suid-Afrika uitgereik word vóór dit oorsee versprei is.

Die Afri-fest in Rusland is gereël deur the Komitee van Jeugorganisasies in Moskou .

Die meeste van die nie-Russiese groepe wat sal optree is "eksperimentele Rock"-groepe uit Engeland wat deur Chris Cutler se Recommended Records opgeneem en versprei word (waaronder die Duitse groep Faust, The Sun-Ra Orchestra, Peter Blegvad, en die Japanese rockroep Whahaha). Cutler, wat in die sewentigerjare bekendheid verwerf het met die groep Henry Cow, werk al lank aan goeie inter-kontinentale musiekbande met die Russe.

Van die meer as vyftig groepe wat onder die Recommended Records banier versprei word, gaan net Cassiber en Keep the Dog in Rusland optree.

Die Sowjetgroepe wat optree, is onder meer Zvuki Mu (vertaal: die klanke van Moskou), Polite Refusal, Ne Zhdali en Jungli.

Die "groep", The Kalahari Surfers, bestaan basies uit net Warrick, 'n basspeler, en enige ander musikante wat hy op enige gegewe tyd bemekaar kan skraap. Chris Cutler speel self saam met die Die Kalahari Surfer(s) wanneer Warrick in Engeland is.

Warrick, (wie se musiek onder meer gekenmerk word deur die "voice-overs" wat toesprake van berugte Suid-Afrikaners soos Eugene Terreblanche insluit), het sy eerste langspeler, Own Affairs, in 1984 suksesvol in Engeland laat versprei nadat EMI (plaaslik) hom geweier het.

Ná Own Affairs het hy nog twee langspelers wat plaaslik deur Shifty vervaardig is, Living in the Heart of the Beast en Sleep Armed, oorsee laat versprei.

Hy het ook in 1987 die Beat Apartheid toer (waarop Billy Bragg onder meer opgetree het) meegemaak.

In 1983 het Warrick en mede Shifty-stigter Lloyd Ross (in sekere kringe beter bekend vir die TV-reeks Vyfster se temalied) die groep Happy Ships gestig. Die Ships het berugtheid verwerf deur net een keer per jaar onaangekondig op te tree. Happy Ships het 'n langspeler Sound Future en 'n kasette deur Shifty onder die Gross National Products banier vrygestel.

Volgens die derde Shifty-baas, Mark Bennet (tans op die Voëlvry toer as klawerbordspeler vir Bernoldus Niemand se Swart Gevaar) is Warrick se nuutste langspeler, Bigger than Jesus, "minder avante garde en meer poppy" as die ander.

Voor die Trek traag word: Melinda Ferugson en Irene Stephanou in Clare Stopford se The Last Trek, nou by die Markteater op die planke.

Resensie - 7

**MAPANTSULA!**
'n stukkie kultuur aan't sterwe? - 9



Louis Motors word SA sit-coms se sondebok - 4



Opperman in Italiaans vertaal - 6

Tyd vir ons eie Nam-prente - 5

# Werkersregte en cool vibes

Plateresensies deur Charles Leonard

HAKKAS

Plate word beoordeel op 'n skaal van 0 tot 10

**WORKERS PLAYTIME - BILLY BRAGG (CHRYSALIS RECORDS IMPORT) (9)**

HOEWEL die plaat al verlede jaar internasionaal uitgereik is, is Bragg se musiek met sy sterk politieke inslag nou baie relevant met Werkersdag om die draai.

Protessanger Bragg staan sedert 1983 met Life's A Riot With Spy vs Spy, sterk op vir werkersregte. Deur al die jare het hy bande behou met linkse sake soos die Britse Arbeidersparty se Red Wedge-rocktoer, die Jobs for Youth-veldtog, en 'n poging om die Amerikaanse jeug wakker te maak vir die Republikeinse Rambo's gedurende hul presidentsverkiesing.

Terwyl Bragg onbeskaamd 'n musikale aktivis is, het hy 'n spitsvondigheid wat verveling voorkom.

Sy liefdesliedjies is ook intelligent genoeg om dit kilometers bokant die banaliteite uit te lig waarmee ons arme, arme ore so geteister word vandag.

Hy sing van die dilemmas waarmee 'n politieke aktivis sit wat darem nog verlief ook raak. 'n Aanhaling van Antonio Gramsci onderstreep hierdie probleem wat baie gepolitiseerde Suid-Afrikaners s'n ook is.

Luister na The Short Answer: "Between Marx and marzipan in the dictionary there was Mary/ Between the Devil and the Deep Blue Sea there was me/ If ever anyone could help me with my obsession with/ The young Sussanah York it was Mary".

Ken almal nie die gevoel op Life with the Lions nie: "I hate the arsehole I become/ Everytime I'm with you."

Politiek lê Bragg na aan die hart: "Mixing pop and politics he asks me what the use is/ I offer him embarrassment and my usual excuses/ While looking down the corridor/ Out to where the van is waiting/ I'm looking for the Great Leap Forwards."

Daar is nog hope skitterende voorbeelde wat ek kan aanhaal. Die oplossing is om self na die plaat te gaan luister. 'n Plek soos Street Records in Johannesburg laat jou darem nog toe om dit te doen sonder dat suurgat winkelassistente jou verplig laat voel om die plaat te koop al haat jy elke noot daarvan.

Ek twyfel sterk of Workers Playtime in hierdie kategorie gaan val.

So terloops, dit is folkmusiek en Bragg word bygestaan deur wonderlike kunstenaars soos Danny Thompson op die basviool, Kenny Jones op ghitaar en Michelle Shocked op agtergrondvokale.

Ek hoop die musiekbedryf lees wat op die omslag van Workers Playtime staan: Capitalism is Killing Music - Don't Pay More Than 4,99 Pounds.

Intussen kan jy as musiekliefhebber met Billy Bragg kragte saamspan. Jy het niks om te verloor behalwe jou spaargeld om hierdie uitmuntende langspeler aan te skaf nie. Voorwaarts na die platewinkel!



Billy Bragg: musiek om mee te spog

**20 REGGAE CLASSICS VOLUME 3 (TROJAN RECORDS) (9)**

Trojan Records in Engeland reik sedert die sestigerjare al Jamaikaanse reggaemusiek uit.

So drie jaar gelede het hulle ons getrakteer met die eerste samestelling van treffers onder die titel 20 Reggae Classics Volume 1, en dit opgevolg met net so 'n stuk plesier op viniel met Volume 2.

Nommer drie is nou hier en stel weereens nie teleur nie.

Die oudste snitte op die langspeler dateer uit 1970 en die jongste is Louisa Mark se Keep it like it is, van 1977.

Dié dreadlockswaai op die plaat kom van niemand minder as die koning, Bob Marley en sy Wailers. Mr Brown staan kop en skouers bo die res uit. En die res is deksels goed.

Barbwire van Nora Dean, opgeneem in 1969, verskaf stout plesier met die lyntjie "He's got barbwire in his underpants."

Op sy langspeler Wie Is Bernoldus Niemand? het dié nimlike Oos-Rander gesmeek "Mamma bring my cool vibes" op die snit Reggae Vibes Is Cool.

Hier is dit Bernoldus, en vir al die ander aanhangers van die koelste musiek in die wêreld.

Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB
Vry & Sat — TANANAS
Dins, Woens & Don — PONGOLO
Tel: 836-6002/838-1769

SHIFTY RECORDS & VRYE WEEKBLAD
bied aan
VOËLVRY
met
BERNOLDUS NIEMAND
& die swaart gevaar
ANDRE LETOIT
GEREFORMEERDE BLUES BAND
Shifty Records/Vrye Weekblad Voëlvry toer
Toerdatums
Vandag Vrydag 28 April - Bloemfontein - Frans Cronjé Saal, skougronde - 9nm. Saterdag 29 April - Kroonstad - Alan Rautenbach Saal - 8nm. Woensdag 10 Mei - Universiteit van Wes-Kaap - Main Hall - 9nm. Vrydag 12 Mei - Universiteit van Stellenbosch - Die Gat - 9nm. Saterdag 13 Mei - 3 Arts Theatre, Plumstead, Kaapstad - 9nm. Woensdag 17 Mei - George Stadsaal - 9nm. Vrydag 19 Mei - The Feather Market Hall, Port Elizabeth - 9nm. Saterdag 20 Mei - Grahamstad Stadsaal - 9nm. Vrydag 26 Mei - Methodiste Kerksaal, Durban - 9nm. Saterdag 27 Mei - Pietermaritzburg University, Students Union Hall - 9nm. Vrydag 2 Junie - Windhoek Teater - 9nm. Saterdag 3 Junie - Windhoek Teater - 9nm.
Toegang R8. T-hemde, plakkers en lapelwapens sal by die deur verkoop word.

# Herfsfees vir 'skaam intellektuele'

DIS weer tyd vir skaam intellektuele om uit die kas te klim. Die Wits Herfsfees begin op Woensdag 3 Mei en hou aan tot Sondag 7 Mei.

Vir die groen bewussyne is daar 'n staptog deur die stad Johannesburg vir 'n belewenis in stedelike ekologie soos ons die einde van apartheid nader, gelei deur prof Keith Beavon. Meer tradisioneel ekologies is 'n vertoning van The Stolen River, met 'n bespreking oor die manier waarop die diere gereageer het toe die Savuti-kanaal in 1982 opgedroog het. Vir dromers is daar musiek van die sterre, met regte musiek.

Jazz! Don Albert vertel die geskiedenis van jazz in twee dele, met lewendige voorbeelde. In een van die sessies vertel Sophie Mgcina - jazz-sanger en tydgenoot van Miriam Makeba, Hugh Masekela en Kippie Moketsi - van die jare vyftig in Sophiatown. Daar is ook 'n jazz-brunch en 'n jazz-braai.

Saterdag 6 Mei is 702 daar saam met jazz en ander vermaak. Bier en wyn sal heeldag vloei.

Nog 'n geleentheid vir sappe om te vloei is saam met die uitspattige Nina Romm. Vir almal wat 'n kreatiewe blok het. Kom in gemaklike skoene. Julle moet vir altwee sessies inskryf.

Twintig gelukkige mense sal selfvertroue kan aanleer van Alexander von Reumont. Mooi praat, asembeheer, lyftaal en emosionele uitdrukking.

Sestig ander sal onder leiding van prof Bruce Sparks kan kyk na verskillende maniere waarop mans en vrouens na seks kyk... en die probleme wat daaruit kan voortvloei.

In soortgelyke luim bespreek dr Christoph Meister die onmoontlike in feministiese skryfwerk van die sewentigs. Manstaal is die probleem.

'n Reeks Amerikaanse rillers word aangebied deur Stanley Peskin. Die films wat vertoon en bespreek word is Sunset Boulevard, The Magnificent Ambersons, Psycho, en The Shining.

Macbeth kry spesiale aandag van Wits se dramadepartement. Die skone kunste fokus op swart kuns, onder andere die werk van John Muafangejo. Daar is ook nog musiek, ballet, medisyne en astrologie.

Toegangsgeld wissel van R6 vir enkele lesings tot R60 vir werkswinkels.

Maar die gala-aand is verniet want dis die Standard Bank wat spog met die Afrika-kuns wat hul kunsstigting die afgelope tien jaar ingesamel het.

Vir verdere inligting - en veel meer as wat ons hier bo kon noem word aangebied - bel (011) 716-3470/3516/3498 en bespreek by Computicket.

* Moenie vergeet nie, Vrye Weekblad neem Donderdag 4 Mei deel aan 'n bespreking oor Representing Reality: Journalism in South Africa.



Nina Romm hou 'n kreatiewe blokbreekwerkswinkel
*Foto: Judy Shear*

TEATERFLITSE:

## Aandag alle Sneeuwitjies

OUDISIES vir Sneeuwitjie word van 10h00 op 29 April by Windybrow, en op 13 Mei by die Staatsteater gehou. Truk-toneel het besluit om nou ook jaarliks Afrikaanse pantomimes in Pretoria op te voer - omdat die Engelses in Johannesburg so geslaagd is.

Janice Honeyman se Snow White word nou deur Annelisa Weiland vertaal, en sal van 3 tot 21 Oktober in die Staatsteater opgevoer word onder regie van Frantz Dobrowsky.

* **Klassieke Indiese Volksdanse** uit vyftien state in Indië sal die program vorm vir 'n liefdadigheidskonsert in die Alexandra-teater.
Die produksie word onderneem deur Maha Kolopen in samewerking met Truk, en die grootste gedeelte van die opbrengs gaan aan die Johannesburgse Kinderhuis.

Kaartjies vir 5 en 6 Mei word verkoop deur Computicket.

* Vanaand en môreaand is die laaste twee aande wat **Die Koggelaar** van Pieter Fourie in die André Huguenet-teater te sien is, met Paul Luckhoff in die hoofrol.

Die Koggelaar is die enigste werk wat tot dusver Sakruk se prys van R25 000 gewen het. Dit gaan oor 'n boer wat deur die droogte getref word.

* By die **Pot-Pourri-fees** het Man in die Blou Maan verskuif om plek te maak vir 'n ekstra MrMrs deur danser Robyn Orlin. MrMrs, wat Orlin saam met Lucky Diale aanbied, gaan oor die misteries van die huwelik.

MrMrs word nou vanaand om 8.15nm en Saterdagaand om 6.30nm aangebied.



## Kaapland hier kom ons!

**DAAR is nog net Bloemfontein en Kroonstad om te verower voor die Voëlvry-lede (links) die pad Kaap toe vat. Bloem: Vanaand om 9 nm in die Frans Cronjesaal, en Welkom Saterdagdagaand om 8 nm in die Alan Rautenbachsaal.**

**Woensdag Mei 10 is die groot dag vir Wes-Kapenaars wanneer die groep by die Universiteit van Wes-Kaapland (Main Hall) optree om 9 nm. Die Universiteit van Stellenbosch kan dan maar sy Gat begin skoonmaak vir die Shifty-klomp wat Vrydag 12 Mei al daar sal opdaag.**

**Verder kan dit net genoem word dat Potch, Bethleh... eh... Clarens en Welkom se konserte aangeteken kan word in die annale van Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis as SUKSESVOL. Veral Clarens wat gasheer was vir 'n "after-party" wat nog lank onthou sal word.**

## Oorkant die Mark


JUDITH Mason se boek Talking Pictures wat verlede week in VryDag geresenseer is, is te koop by die Galery op die Mark, oorkant die Markteater, en nie die Markgalery nie. Die Galery op die Mark dink daaraan om hulle naam te verander, want dis nie net ons wat deurmekaar raak nie.


*Shifty Records*


*Maak dadelik gebruik van ons sukkel-vrye posbestel-stelsel — g'n parkeer-probleme — g'n inaseming van giftige gasse — g'n ongepoetste kassiere — stuur net die vorm en die geld om die beste in ware Suid-Afrikaanse musiek teen redelike pryse te kry. 'n Volledige katalogus is beskikbaar. Alle pryse sluit posgeld en verpakking in.*




THE KÊRELS EK SÊ
R18 SLEGS PLAAT



MR MAC & THE GENUINES
R18 PLAAT & KASSET


VOËLVRY
R18 PLAAT & KASSET


TANANAS
R18 PLAAT & KASSET

LOW BUDGIE cassettes




DIE LOW-BUDGIE KASSET-REEKS — TOP KWALITEIT KASSETTE IN 'N BESPARINGSVERPAKKING — 'N KEUSE UIT HAPPY SHIPS / SOFTIES / CHERRY-FACED LURCHERS / KOOS / ISJA / WASAMATA / ABSTRACTIONS / CORPORAL PUNISHMENT / FORCES FAVOURITES & A NAARTJIE IN OUR SOSATIE VIR 'N SKRALE R10 ELK.

*Shifty Records Bestelvorm* VW

Naam ..............................
Adres ..............................
..............................
.............. Kode ..............
Telefoon ..............................
Pos aan: Posbus 27513 Bertsham 2013

Stuur asb die volgende:
1 ..............................
2 ..............................
3 ..............................
4 ..............................
5 ..............................

Ek sluit R ............in. NOTA: Slegs tjeks en posorders wat uitgemaak is aan SHIFTY RECORDS sal aanvaar word.

# Die spikkelkoei wei in Italië

**Charl-Pierre Naudé**

AFRIKAANSE gedigte verskyn deesdae nie net in Russies nie. Gedigte van DJ Opperman en Van Wyk Louw in Italiaans vertaal word deur 'n swart skrywer van Kaapstad, Wayne Assam.

Assam vertaal 'n wye keur uit die poësie, asook die opstelle, van die twee digters, in medewerking met Tiziana Zambonini, 'n Italiaanse dame van Kaapstad. Albei is kenners van die Italiaanse digkuns.

Assam is al as skrywer opgeneem in die Amerikaanse publikasie Triquarterly Magazine as 'n eksponent van die beste swart prosa uit Suid-Afrika, saam met skrywers soos Achmat Dangor en (witteriges soos) Ingrid Scholtz.

Die reaksie op die vertalings daar oorkant was oorweldigend, hoewel die projek nog net halfpad is, sê Zambonini. Van die vertalings is voorgelê aan die Italiaanse lede van Europa Cultura, 'n vooraanstaande kulturele organisasie wat o.a. die Nobelkomitee bystaan in die keuse van Europese werk vir hul jaarlikse eisteddfod.

Een van hulle, Maria Negri, 'n doyenne van die Italiaanse digkuns en self 'n wydvertaalde digter, het die twee digters geloof vir "the candour and innocence of their inspiration".

Binnekort verskyn verskeie vertalings in die blad Realta Sudafricana saam met 'n uitgebreide inleiding tot die werk van Louw en Opperman deur drie vooraanstaande Italiaanse kritici.

Volgens Assam is die werk van die twee dertigers veel "groter" as meeste van die sogenaamde grootste werk wat vandag in Europa verskyn.

Die rymgedigte word in rym vertaal en so min as moontlik van die oorspronklike gees daarvan word opgeoffer. Assam sê die moeilikste was die kort gedigte van Opperman, omdat die bondigheid min speling toelaat.

Onder die langer vertalings tel Die Swart Luiperd van Louw en Joernaal van Jorik van Opperman.

Assam sê Italiaans rym maklik. Maar dit skep die gevaar van goedkoop rym, en daarom is die meeste moderne Italiaanse poësie in vrye vers.

Interessante probleme het in die vertalings opgeduik. "Ons kon nog nie die woord 'konka' in Italiaans vertaal nie. Alhoewel 'n woord daarvoor wel bestaan, is die asosiasie daarvan met prostitute, wat die betekenis van 'n gedig soos Ou Skepsel heeltemal sal kelder."

Soos hy verduidelik word dit duidelik dat die vertaler wel deeglik die sosiale gebruike en konnotasies van woorde moet ken. Maar hy was nog net eenmaal in Italië, vir 'n kort rukkie.

Assam het homself Italiaans geleer. Zambonini sê sy verstaan Afrikaans goed, maar praat dit nie juis nie.

Assam sê hul grootste struikelblok met vertaling was nog altyd geld. Dis 'n tydrowende taak, en beurse vir sulke werk bestaan nie in Suid-Afrika nie.

Toe hy 'n vooraanstaande skrywer nader om hulp nadat hy haar ryke en melankoliese betreuring van die isolasie van "die Afrikaanse letterkunde" gelees het, het sy volgens hom geen belangstelling getoon nie.


Maar, sê Assam, hy eis niks nie. As hulle hulp kry, is dit 'n toegif. As dit nie gebeur nie, gaan die werk in elk geval voort.

Reëlings vir die publikasie in boekvorm van die vertalings word reeds getref.

Dus, vir die mense wat bekommerd is oor die "voortbestaan" en "isolasie" van Afrikaans: In die taal waar digters soos Bredero in die Renaissance inspirasie gaan soek het, klink die jongste loot van die Dietse tale nou op - die spikkelkoei wei in Italië.

Só klink Opperman in Italiaans:

Poërotica
O lessenaar van jou lyf
my klein inkput
waaruit ek skryf.
*(Poerotica*
*Oh el tuo corpo la scrivania*
*mio piccol calamaio*
*di poesia.)*



**Wayne Assam, vertaler van Opperman en Van Wyk Louw**

*Foto: Gys van Niekerk*

boeke-blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

# Bundel delf dieper as krisis van die staat

**Frankel P, Pines N, Swilling M: State, Resistance and Change in South Africa. Southern Book Publishers, 1988. Bespreking deur ALBERT GRUNDLINGH**

IN hierdie elf bydraes deur bekende akademici (die meeste verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand) word die grondliggende dinamika van die huidige Suid-Afrikaanse politieke bestel bespreek.

Vier van die opstelle handel oor die veranderende aard en strategie van die dominante staatsinstellings en belangegroepe, terwyl vyf ander opstelle die organisatoriese en ideologiese grondslae van swart verset teen apartheid ontleed.

Die verskillende roetes wat moontlik tot 'n post-apartheid Suid-Afrika kan lei, word in die laaste hoofstuk bespreek en 'n inleidende hoofstuk deur een van die reakteurs, M Swilling, verskaf die nodige agtergrond waarteendie boek gelees kan word.

Daar is deesdae nie 'n tekort aan politieke kommentators oor die Suid-Afrikaanse situasie nie. Waarskynlik na aanleiding van die huidige internasionale fokus op Suider-Afrika, is daar 'n oorskot skrywers wat ná 'n blitsbesoek, enkele onderhoude en vlugtige opsommings uit die Weekly Mail hulle pennevrugte laat paradeer as gesaghebbende ontledings.

Morele verontwaardiging (hoe opreg ookal) en veelvuldige beskrywende katalogiserings van die euwels van apartheid kan nog nie die intellektuele bankrotskap van hierdie soort kits-analises verdoesel nie.

Hoewel die boek onder bespreking ook die "krisis" as tema het, delf dit veel dieper en bied dit in die geheel genome 'n deurtastende en gesofistikeerde ontleding van die kragte wat aan die werk is in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Onderliggend aan die analise is 'n bewussyn van die komplekse interaksie tussen die veranderende ekonomiese omstandighede, die staat se verskuiwinede prioriteite en die wisselende vermoëns van swart versetbewegings (binnelands sowel as buitelands) sowel as die vakbonde.

Al die opstelle is egter nie ewe geslaagd nie. Waar Tom Lodge 'n sobere uiteensetting met talle nuwe insigte oor die onlangse geskiedenis van die ANC bied, is die bydrae van Colleen McCaul oor Inkatha ietwat verouderd in die lig van die omvangryke en onlangse werk deur Maré en Hamilton oor die organisasie.

## Weinig lig

Die hoofstuk van Jeremy Seekings oor politieke mobilisering in die swart woonbuurte van die Transvaal, hoewel 'n nuttige oorsig, werp weinig lig op die interne dinamika en teenstrydighede van die proses.

Dit is ook vreemd om te vind dat Seeking in 'n nota wat ter elfder ure op p305 bygevoeg is, baie van die aannames wat hy in dié hoofstuk maak, só fundamenteel kwalifiseer dat 'n mens wonder waarom hy nog besluit het om die stuk te laat publiseer.

Ten spyte van enkele besware is hierdie boek een van die bestes van sy soort en kan dit sterk aanbeveel word vir diegene wat 'n diepere belangstelling in die Suid-Afrikaanse politiek het as wat in die kommersiële en staatsmedia opgedis word.

# Transkei toe!

**A Guide to the Coast and Nature Reserves of TRANSKEI, deur Duncan Buchart, uitgegee deur die NatuurleweverenIging van Suider-Afrika, 1989. R16,95 met AVB ingesluit, plus posgeld van R1,50 van Posbus 44189, Linden, 2104. Resensie deur VICTOR MUNNIK**

BUCHART se gids (van 52 bladsye) is 'n moet vir mense wat Transkei toe gaan, en 'n lekker ding vir mense wat elke Sondagmiddag op die woonstelbalkon 'n vakansie in die Vrye Natuur beplan.

Die aanslag is ekologies bewus eerder as toeristies, en die boekie is ryklik geïllustreer. Omgewingstelsels word sistematies en logies behandel. Besondere verskynsels in die natuur word uitgewys, sodat 'n mens jou oë kan oophou daarvoor.

Tien natuurreservate, die Wildekus se staproete en die Wildekus Son.

Terloops die hotel, wat die gids help publiseer het, word só bespreek: "Net inheemse plante word in die tuine gebruik... Pragtige voorbeelde van die duin-aalwyn Aloe thraskii groei aan die seekant van die duinwoud, die verste suid wat hierdie spesie, sover bekend, voorkom..." Niks oor die kelners nie.

Agter in die gids is lyste van voëls, bome en groter soogdiere, wat baie handig is as mens die groter lyste soos Roberts byderhand het. Die boekie se lyste dra ook die nommers wat na die standaardwerke verwys.

TAURUS BOEK
Nadine Gordimer
THE ESSENTIAL GESTURE
R49,95 + R6,50 AVB
Jan van Eck
EYEWITNESS TO "UNREST"
R14,00 + R1,82 AVB
Bestel nou by TAURUS
Posbus 39400
Bramley
2018
Tel (011) 8874274
Binnekort verskyn:
Harry Kalmer
DIE WAARHEID EN ANDER STORIES
Antjie Krog
LADY ANNE
skryf of bel vir katalogus

HOU TRED MET 'N VERANDERENDE GEMEENSKAP
D Caldwell: South Africa - The New Revolution R19,95
H Giliomee & L Schlemmer: Negotiating SA's Future R39,95
J Suckling & L White: After Apartheid R43,95
P Frankel: State, Resistance and Change in SA R32,50
W Cobbett & R Cohen: Popular Struggle in SA R48,90
EN MET VERANDERENDE BESIGHEIDSTEGNIEKE
T Peters: Thriving on Chaos R32,99
En nog baie meer van
Campus Bookshop
Berthastraat 34
Braamfontein
Tel 339-1711
DIE DENKENDE MENS SE BOEKWINKEL

Ons boekeblad brei uit!
Bel Gwynne vir besonderhede
(011) 836-7236
VRYDAG

# Tweede been van laaste trek maar traag

**The Last Trek - A Fantasy. Met Vanessa Cooke, Charlotte Butler, Pippa Dyer, Melinda Ferguson, Terry Norton, Nandi Nyembe, Louise Saint-Claire, Janice Shapiro, Irene Stephanou, Jennie Reznek en Wesley France. Regie deur Clare Stopford. Resensie deur CHRIS DU PLESSIS**

DIE tema van 'n post-revolusionêre Suid-Afrika word weer gebruik om dié groepie vrouens (en die gehoor) deur 'n fantasiereis van self-ontdekking te lei. Vier van die futuristiese "pioniers" wat oënskynlik die "Ravages of War" steeds voel, deel 'n kelder in Johannesburg. Die "Conservatives" is nog in beheer van van afgesonderde vestings en revolusionêres noem mekaar nog steeds Comrade. Ondergrondse "deals" op die swartmark is die enigste manier om te oorleef...

Maar nes mens begin dink dit kan in 'n Working Womens' Mad Max ontaard, begin die trek. Magda (Charlotte Butler) verskyn met haar ouma se trourok en 'n stukkende stuurwiel om Afrikanernormes te verteenwoordig en Princess (Louise St Claire) met baba en tas vol herinneringe om as een van die hoof-katalisators vir die drama wat volg te dien. Saam met 'n duimryer, Usengumama (Nandi Nyembe), wat ook as storieverteller optree, is die "Trek" dan voltallig.

Die eindbestemming is Magda se familieplaas aan die Oranjerivier en die groep moet allerhande slaggate soos slegte weer, slange en "Conservatives"-voorposte ontduik tydens die Tolkien-agtige pelgrimstog. Boonop word hulle met genoeg kwasi-bybelse professieë uit hulle eie geledere gekonfronteer om hulle goed besig te hou - en dit op die moeilikste moontlike roete tussen Johannesburg en Philippolis. (Waarom hulle nie 'n makliker pad gekies het om Bloemfontein te vermy nie, sal slegs mede-masochiste verstaan.)

## Genotvolle stereotipes

Allerhande genotvolle stereotipes word in die loop van die stuk ontgin. Roberta (Stephanou) is die selfbehepte oorlewer, Straye (Shapiro) die broeiende introvert met 'n geweldadige verlede, Skye (Melinda Ferguson) die onrealistiese dromer... Magda is die tawwe, praktiese boeremeisie wat in haar identifisering en alliansie met die tawwe, praktiese revolusionêr Usengumama die ou sieklike van die boer en die swartman/vrou wat eintlik dieselfde tradisievaste, onpretensieuse lewensuitkyk het, herhaal.

Waneer die motor breek, kom hulle af op Holly (goed vertolk deur Terry Norton), 'n wildernisboemelaar met magiese kragte. Sy ontketen ook latente intuïtiewe vermoeëns in Skye - 'n insetsel wat soms dreig om die mite van "vroulike intuïsie" en die sogenaamde kollektiewe onderbewuste "verstandhouding" wat slegs tussen vroue bestaan, bietjie vêr te voer.

Princess groei effens van 'n selfbejammerende stommerik wat die ganse "toer" vertraag met haar logge tas vol geeste van haar oorlede (in die oorlog) man, tot 'n leek-dissiplinêr met sporadiese uitbarstings van selfvertroue. Maar haar onvermoë om van die verlede (die #@!!*& tas) afstand te doen, veroorsaak dat sy haar toekoms (haar baba) tydens 'n storm moet prysgee.

Humor (spesifiek goed gebruik deur Stephanou en Butler) en tragedie word tydens die eerste helfte uitstekend gebalanseer en die ritme goed gehandhaaf. Maar die stuk verval in die tweede helfte in 'n trae, slepende poging om iewers 'n "boodskap" of erger, 'n morele les te bewerkstellig. Magda se konfrontasie met tradisie (gepersonifiseer in die gees van haar ouma - Vanessa Cooke) is die tweede been van die trek (na êrens) nie werd nie.

Tog is die stuk met tye visueel betowerend genoeg om die "A Fantasy" deel van die titel te regverdig. En die grootste potensiële slaggate, politieke dogma en feministiese sloganism, word goed genoeg gesystap om 'n genotvolle (eerste helfte van 'n) aand in die teater te verseker.

## Gestroop van pretensies

**Long Day's Journey Into Night: deur Eugene O'Neill; met Patrick Mynhardt, Diane Wilson, David Clatworthy, André Roothman en Belinda Koning; regie: Ralph Lawson; dekor: Peter Cazalet; kostuums: Birrie le Roux; beligting: Malcolm Hurrel; in die Nico Malan-Teater tot 6 Mei. Resensie deur CATHERINE DU PLESSIS**

EUGENE O'NEILL se outobiografiese stuk bied eerder 'n vorm van "teater realisme" as drama. Die gehoor neem sy familie waar terwyl hulle swakhede ontbloot word en hulle van al hul pretensies gestroop word. Die aksie is minimaal, die hoofsaak is die karakters en hoe hulle op mekaar inwerk.

Die skrywer self wou hê dat hierdie stuk eers 25 jaar ná sy dood moes opgevoer word (alhoewel sy weduwee toe veel vroeër toestemming daarvoor gegee het). Mens kan sien hoekom, want dit is 'n intens persoonlike oopvlekking van sy familielewe. Die skryf daarvan was glo katarsies vir O'Neill, maar hy bied geen "oplossing" vir die vier gemartelde mense nie. Vir die gehoor is dit 'n ontstellende, byna voyeuristiese ervaring.

En 'n lang een. Die herhaling wat telkens voorkom mag miskien die skrywer gehelp het om diepgesetelde gevoelens uit te werk, maar dit is minder doeltreffend vir die toeskouer. Die ongelukkige familielede se gevoelens bestaan meestal uit verwyt, woede en selfverwyt.

Kruik se produksie is van hoë gehalte. Diane Wilson as die dwelmbenewelde ma lewer 'n ysingwekkende vertoning van iemand wat haar onttrek van die werklikheid. Patrick Mynhardt as die suinige akteur-pa beklemtoon sy teatraliteit, maar laat sy arbeidersagtergrond en insekuriteite deurskemer.

As die ouer broer slaag David Clatworthy goed daarin om te huiwer op die rand van besopenheid sonder om oorboord te gaan. Sy beheersde spel toon net genoeg woede en angs, veral in die belydenistoneel saam met sy broer.

André Roothman speel die rol van O'Neill self, as die jonger broer. Ook sy spel is sensitief en wissel van woede-uitbarstings en selfbejammering na apologetiese versekering dat hy sy familielede lief het.

Belinda Koning verskaf die enigste verligting in hierdie intense atmosfeer as die Ierse bediende wat graag saam met haar meesteres whisky drink. Die dekor deur Peter Cazalet is gepas somber en Malcolm Hurrel se beligting skep effektief die atmosfeer van die lang dag wat in nag verander.



Oud-revolusionêr Straye (Janice Shapiro) bepeins die toekoms in Clare Stopford se The Last Trek - by die Markteater

*Foto: Ruphin Coudyzer*

# My volk, hier kom ek!

**Die Crazer by Pot-Pourri. Geskryf deur Charles Fourie, met Pieter Brand en Charles Fourie. Resensie deur VICTOR MUNNIK**

DIE Afrikaner hou mos van 'n sterk leier, al is hy snaaks. Eintlik hoe snaakser hoe beter.

Dié figuur - 'n mengsel van die kragdadige oom en die sentimentele seuntjie - spook by jong Afrikaanse dramaturge, soos bv die sieklike generaal in Reza de Wet se Nag Generaal.

In Charles Fourie se Crazer het dié figuur heeltemal mal geword, en het die sentimentele plek gemaak vir die patetiese.

Dis juis die patetiese wat die gehoor so aan die Crazer gebind het. Want dis die soort simpatie wat 'n mens het vir 'n skollie wat - deur sy eie toedoen - in die moeilikheid beland het.

Die Crazer is 'n moderne verwerking van die sprokie van die keiser wat kaal is - en diegene wat dit raaksien, wil opsluit en vrekskiet (wat ook al eerste gebeur).

Die Crazer se veiligheidsmagte - Aubrey aan die ander kant van 'n walkie talkie - is skietding in die hand op soek na die vertraagde kind wat geskree het die keiser is kaal.

In die paleis sit die kaal keiser en wag dat die kind opgespoor moet word, sodat hy om verskoning kan vra en geskiet kan word. Sy nar kyk dat hy bly sit. Dis in die klassieke verhouding tussen die nar en die Crazer waar die verskriklike menslikheid agter realpolitik uitgespeel word.

'n Mens kry die Crazer regtig jammer wanneer hy so mooi vra vir ietsie om te eet, en wanneer hy kinderlik ongelukkig raak omdat sy poliesman so senuweeagtig is dat hy doodskiet wat voorkom.

Pieter Brand se vertolking van die Crazer is meesleurend. Hy word daarin natuurlik baie gehelp deur die egte, gemaklike taal in die stuk.

Charles Fourie se vertolking van die nar is stokkerig, en soms ongemaklik. Wanneer hierdie stuk aan meer en groter gehore as by Pot-Pourri blootgestel word - soos wat sekerlik moet gebeur - kan die rol van die nar dalk deur iemand soos Gys de Villiers vertolk word. Dis 'n stuk wat sommer nog baie opvoerings werd is.


dié week by die
MARK

MARKTEATER
Maan - Vry 8nm
Sat 2 vertonings: 6nm & 9nm
Middagvertonings van 17/5: 3nm
MIDSUMMER NIGHT'S DREAM
onder regie van Fred Abrahamse
— 'n droomkomedie van Shakespeare kry lewe

UPSTAIRS-TEATER
Maan - Vry 8.15nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
THE LAST TREK - A FANTASY

DIE LAAGER
Maan - Vry 8.30nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
SCORE ME THE AGES
(Tell me the time)
- 'n Tragiese straatkomedie

DIE WAREHOUSE
Maan - Vry 8.00nm Woens ook 3nm
Sat 5.30nm & 9.15nm Son 6nm
SARAFINA
Mbongeni Ngema
se Broadway-treffer

KIPPIES die MUSIEKPLEK
Dinsdag tot Sondag vanaf 8.30
WOMAN IN JAZZ

MARKGALERYE
Groot Galery
Die werk van die Handspring Puppet Company vanaf 1981 tot 1988.
Klein Galery
Ian Difford se foto-uitstalling "Where you go, that's where you are"

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die Johannesburgse snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm op die Mary Fitzgerald-plein

